# Sosiale Darwinisme as grondliggende wêreldbeskouing tot immorele politieke leierskap in Suid-Afrika: ’n Christelik-etiese beoordeling

**P.J. Maritz**

**orcid.org/0000-0002-2921-9220**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Theologiae* in *Etiek* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. H.G. Stoker

Gradeseremonie: Mei 2021

Studentenommer: 22711090

# VOORWOORD

Die geleentheid om hierdie studie aan te pak en te mog voltooi bring by my 'n tersine dankbaarhede op:

- Ek is dankbaar teenoor my Hemelse Vader wat dit alles moontlik gemaak het en alles beskik. Vir die talente wat ek ontvang het, maar bowenal vir die geleenthede wat Hy oor my pad gestuur het kan ek maar net in dankbaarheid stil word. Só 'n genade is waarlik onbeskryflik groot.
- Ek is dankbaar vir my studieleier, Professor Henk Stoker. Met groot geduld en laat aande het Professor Stoker saam met my oor hierdie onderwerp gedink, en my natuurlik gedurig gaan haal waar ek in systrate afgeploeter het. Tesame met Professor Stoker dank ek die NWU en die Teologiese Fakulteit vir volgehoue ondersteuning, beide finansieel en administratief.
- Laastens is ek dankbaar vir my ondersteuningsnetwerk. Sonder 'n vrou wat my om elke hoek en draai ondersteun het, kos en koffie aangedra het, en verstaan het as uitrusnawekies ewe skielik studienawekies word, sou ek ongetwyfeld nie in een stuk deur hierdie proses gekom het nie. Ook my ouers, skoonouers, en al my baie sibbe verdien 'n woord van dank.

Uiteindelik sou enige studie wat ek aanpak altyd die kwessie van mag en die regering na vore bring, want dit is 'n natuurlike belangstelling van my. Waar kom mag werklik vandaan, hoe word dit aangewend, en wat dink ons oor hierdie aanwending? Hierdie is alles vrae wat my hoe langer hoe meer kwel. Hierdie studie is 'n poging om antwoorde op van hierdie vrae te vind, of ten minste, om 'n eerlike poging na 'n antwoord sy genesis moment te gee.

Soli Deo Gloria

Paulus J. Maritz

## INHOUDSOPGAWE

AFDELING A: Navorsingsvoorstel…………………………………………………………….… 4

1. Titel en sleutelwoorde..........................................................................................4
2. Opsomming..........................................................................................................4
3. Agtergrond en Probleemstelling...........................................................................4
4. Voorlopige literatuurstudie en ander navorsingsaspekte.....................................6
5. Navorsingsprobleem en navorsingsvraag.........................................................11
6. Navorsingsdoel en doelstelling..........................................................................12
7. Sentraal teoretiese argument............................................................................13
8. Navorsingsmetodologie.....................................................................................13
9. Definiëring van sleutelterme..............................................................................14
10. Indeling van afdelings........................................................................................15

AFDELING B: Eerste Artikel…………………………………………………………...16

1. Inleiding..............................................................................................................16
2. Darwinisme.........................................................................................................17
3. Sosiale Darwinisme............................................................................................22
4. Etiese implikasies van sosiale Darwinisme........................................................32
5. Christelik-etiese reaksie op sosiale Darwinisme................................................36
6. Sosiale Darwinisme wil gewetens sus................................................................43

AFDELING C: Alternatiewe uitvloeisels van sosiale Darwinisme………………………………44

1. Inleiding en motivering.......................................................................................44
2. Alternatiewe uitvloeisels van sosiale Darwinisme..............................................44
3. Reaksies.............................................................................................................46
4. Samevatting........................................................................................................47

AFDELING D: Tweede Artikel..................................................................................48

1. Inleiding...............................................................................................................48

2. Identifisering van sosiale Darwinisme aan die hand van etiese uitvloeisels..........................49
3. Toepassing: ʼn Oorgang van sosiale Darwinisme na immoraliteit by regeringsamptenare....57
4. Korrupsie en ander magsmisbruik in Suid-Afrika.................................................................60
5. Sosiale Darwinisme as verskynsel in optrede deur prominente Suid-Afrikaanse politici en gesaghebbers..........................................................................................................64
6. Christelike etiek en morele leierskap.........................................................................................65
7. Vergelyking van optrede van prominente Suid-Afrikaanse politici en God se verwagting van ampsdraers en gesaghebbers.........................................................................67
8. Remediërende voorstelle...........................................................................................................68
9. Gevolgtrekking...........................................................................................................................69

AFDELING E: SAMEVATTING.......................................................................................70

BIBLIOGRAFIE……………………………………………………………………………………73

# AFDELING A: NAVORSINGSVOORSTEL

## 1. TITEL EN SLEUTELWOORDE

### a. Titel

Sosiale Darwinisme as grondliggende wêreldbeskouing tot immorele politieke leierskap in Suid-Afrika: ŉ Christelik-etiese beoordeling

### b. Sleutelwoorde

Christelik-eties, Darwinisme, Sosiale Darwinisme, Mag, Wêreldbeskouing

### c. Title

Social Darwinism as worldview underlying immoral political leadership in South Africa: A Christian ethical adjudication.

### d. Key words

Christian ethics, Darwinism, social Darwinism, Power, Worldview.

## 2. OPSOMMING

Die Bybel word tradisioneel deur Christene as die onfeilbare Woord van God gesien. Daarin word duidelike vereistes vir leierskap gestel wat insluit dat God van leiers verwag dat hulle nederig, eerlik, en verantwoordelik moet wees. Dit raak hoe langer hoe meer duidelik dat heelparty politici en maghebbers in Suid-Afrika hulself aan immorele leierskap skuldig maak. Hul optrede strook nie met God se verwagting van leiers nie. By hierdie leiers word egter meer as gewone ongehoorsaamheid gevind. Koning Dawid was ongehoorsaam, maar het tot bekering gekom, en die straf van God aanvaar (vgl. 2 Sam. 12), maar in plaas van bekering, word korrupsie en immoraliteit deur hierdie hedendaagse leiers regverdig of verdoesel. Dit kom dus voor asof hier meer is as net ongehoorsaamheid, ook meer as net gewone korrupsie. Saam met korrupsie wat duidelik nie as verkeerd beskou word nie, is ook ŉ tipe hoogmoed in optredes te bespeur. Hoe hierdie politici hulself en hul rol in die samelewing beskou word ondersoek en ŉ paradigma word getoets om hierdie fenomeen te begrond, ten einde toepaslike remedies te kan voorstel. Sosiale Darwinisme, die toepassing van die teorieë van Charles Darwin op die mensdom, blyk so ŉ moontlike paradigma te wees. Hierdie studie ondersoek die moontlikheid van 'n sosiaal Darwinistiese wêreldbeskouing as bydraende faktor tot hierdie immorele leierskap.

## 3. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

### a. Agtergrond

Volgens die vyfde gebod word daar van Christene verwag om gesag te respekteer (Eks. 20:12). Dit geld nie net gesag van ouers nie, maar ook die staat of owerheid, wie se mag van God afkomstig is (Rom. 13:1). Die gesag van die staat wat afgelei is van die gesag van God word vasgevang in die opdrag in 1 Petrus 2:17 "Vrees God. Eer die Keiser". Christene wat glo dat alle gesag van God af kom, moet verder ook geregverdigde gesagstrukture by sy of haar werkgewer ook as gesag wat God gegee het beskou.

God se Woord stel aan gesagsdraers of gesagstrukture vereistes. Van ouers word verwag (Ef. 6:4): "Moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil". Van werkgewers word verwag om werkers met dieselfde gesindheid te behandel as wat werkers hulle behoort te behandel, naamlik (Ef. 6:5,9) "met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hard, asof dit vir Christus is." Van ouderlinge as leiers in die gemeente word verwag (Tim. 3:1-3): "'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig; hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar inskiklik vredeliewend en nie geldgierig nie." So stel God se Woord ook byvoorbeeld duidelike vereistes aan Konings, byvoorbeeld in Deuteronomium 17:16-20:

> "Hy mag nie baie perde aanhou nie ... Die koning mag ook nie baie vrouens hê nie, sodat hy nie aan die Here ontrou word nie. Hy mag ook nie sy silwer en goud te veel laat word nie. Wanneer hy as koning oor sy ryk regeer, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet maak. Hiervoor moet hy die eksemplaar van die Levitiese priesters gebruik. 19Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe."

Dit is duidelik dat alle gesag van God afgelei is, en met verantwoordelikheid, regverdigheid en deursigtigheid uitgevoer moet word.

Die Grondwet van Suid-Afrika stipuleer in Hoofstuk 1 die oppergesag van die reg (1996). Die Staat en die landsburgers moet aan die Grondwet gehoorsaam wees. Die Grondwet is dan die primêre gesag in die oë van die Suid-Afrikaanse hof. Dit maak egter 'n Christelik-etiese beoordeling nie ongeldig nie, omdat dit vir Christene 'n Bybelse imperatief is om die Staat te dien en gelyktydig God te vrees (1 Petrus 2:17). Vir Christene is dit aan die hand van 1 Petrus 2 te verstane dat daar 'n bevel van God af kan kom en nagevolg moet word, sonder dat dit oneer doen aan die Staat. Boonop blyk dit dat eie praktyke en verskeie van die norme en waardes

waaraan die regering hulself verbind, grootliks met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing ooreenkom. Hierdie studie fokus op die Republiek van Suid-Afrika, wat beteken dat na praktyke van die Suid-Afrikaanse staat, maar meer spesifiek maghebbers as ampsdraers met gesag van hierdie staat as voorbeelde van moraliteit ondersoek sal word.

Volgens Skedule 2 van die Grondwet van Suid-Afrika (1996) eindig die eed wat die President van Suid-Afrika neem tydens die insweringseremonie met die Woorde "so help my God". Alhoewel dit nie volgens die Bybel voldoende bewyse van 'n persoon se geloof is nie, toon dit aan dat die staat homself aan die mag van God onderwerp. Die president se eed sluit ook in dat hy of sy sweer om wette te onderhou en regverdig te wees. Hierdie beginsels, alhoewel sekulêr uiteengesit, is in die Christelik-Westerse wêreldbeskouing ontwikkel vanuit God se verwagtings van heersers.

'n Literatuurstudie van moderne populêre bronne, soos in Punt 3 aangetoon hier onder, stel dit onomwonde dat heelparty politici in Suid-Afrika hulself nie by God se reëls vir leiers hou en gehou het nie. Hierdie persone, as morele persone wat volgens wet verantwoordbaar is aan die burgers en keisers, voldoen duidelik nie aan die reëls waaraan hul wetlik as amptenare moet voldoen nie. Hierdie twee stelle reëls (Stoker 1970:4-5), dus die reëls wat God onties stel en die reëls wat mense op grond daarvan gepositiveer het, oorvleuel op sekere dele, maar is nie uniform nie. Die vraag wat gevra moet word is wat die rede is vir die opsetlike oortreding van die selfonderskrewe etiese beginsels by verteenwoordigers van die owerheid, waarvan Christene in die Nederlandse Geloofsbelydenis bely dat hulle die swaard in die hand het? Dit is hierdie vraag wat in hierdie studie beantwoord wil word. Dit blyk so te wees dat daar een of meer drywende wêreldbeskouing agter hierdie immoraliteit steek – die doel sal dan wees om tot hierdie gesprek by te dra deur sosiale Darwinisme as een van hierdie drywende wêreldbeskouings te beproef.

### 3.2 Probleemstelling

Is een van die dryfvere agter die immorele leierskap wat deur sommige politici in Suid-Afrika getoon word, en waarin daar deur sodanige politici volgehou word, moontlik 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing, waar die politieke elite homself as meer geskik en dan meer geregtig beskou om te oorleef, en uiteindelik die kwesbare en oorgelewerde gemeenskappe nie te hulp snel nie, omdat hulle die mag wat hulle het as 'n reg beskou, en omdat hulle die politieke elite as 'n verhewe groep beskou, wat voorkeurbehandeling verdien? Indien bogenoemde aangetoon word om so te wees, hoe sou die Teologiese Etiek hierop 'n reaksie bied?

## 4. VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE EN ANDER NAVORSINGSASPEKTE

### 4.1. Voorlopige Literatuurstudie

#### 4.1.1. Primêre Bronne

a) Die Bybel sal altyd by 'n Christelik-etiese studie sentraal staan tot die studie, juis omdat die Bybel deur Christene as die onfeilbare Woord van God beskou word.

b) Die belydenisse van kerke in die gereformeerde tradisie, veral die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus sal as primêre bronne beskou word vir die verstaan van God se wil vir mense op aarde.

c) "*On the Origin of Species*", die boek deur Charles Darwin wat in 1859 verskyn het, waarop die idee van sosiale Darwinisme uiteindelik gebaseer is, sal 'n seminale rol speel in die interpretasie van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing.

d) "*Principles of Ethics*" deur Herbert Spencer, wat in 1898 verskyn het, was 'n daarstelling van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing vanuit 'n filosofiese oogpunt, dus moet dit geld as primêre bron.

#### 4.1.2. Sekondêre Bronne

*a)* Vir die vraag rondom die gebruik van sosiale Darwinisme as paradigma is die intellektuele debat tussen Robert Bannister, in sy boek *Social Darwinism: Science and Myth in Anglo-American Thought* en Mike Hawkins se boek *Social Darwinism in European and American thought, 1860-1945* van groot belang. Bannister se boek het aanvanklik in 1979 die lig gesien, met hersienings in 1989. Hawkins bied in 2003 'n volledige antwoord. Hierdie debat sal in die eerste artikel aan die beurt moet kom.

*b)* In terme van staatskorrupsie is die bekendstes sekerlik "*The President's Keepers*" – 'n 2017 boek deur ondersoekende Joernalis Jacques Pauw, wat die korrupsie van die Suid-Afrikaanse regering onder President Jacob Zuma oopvlek.

*c)* Ten einde die korrupte optrede van die sekretaris-generaal van die ANC, Ace Magashule, wat voormalig diens gedoen het as die premier van die Vrystaat, in diepte te verstaan, moet gekyk word na die boek "*Gangster State: Unravelling Ace Magashule's Web of Capture*." deur ondersoekende joernalis Pieter-Louis Myburgh.

#### 4.1.3. Akademiese Publikasies

1. Op 29 April 2017 verskyn 'n artikel deur Tom Koelble van die Universiteit van Kaapstad met die titel "One-Party Dominance and Public Sector

Corruption in South Africa: Consequences for Democracy". Hierdie artikel handel oor korrupsie in Suid-Afrika na Apartheid, en voer aan dat die rede daarvoor die ANC se behoefte is om in 'n posisie van mag te bly.

2. Professor John G. West se boek "Darwin Day in America", veral die sesde hoofstuk "*Law of the Jungle*" sal as bron oor moderne Sosiale Darwinisme aangewend word. Hierdie boek is in 2007 vir die eerste keer uitgegee, maar die 2015 hersiene weergawe sal gebruik word.
3. Wessel Bentley se 2013 artikel in Verbum et Ecclessia "Applied Ethics and tertiary education in South Africa : teaching Business Ethics at the University of South Africa" sal geraadpleeg word aangaande die Status Quo van besigheidsetiek in Suid-Afrika.
4. Christian ethics in South Africa : liberal values among the public and elites deur Hennie Kotze en Reinet Loubser sal geraadpleeg word as bron wat die huidige situasie beskryf (2018).
5. Louise Kretzschmar se artikel "Towards the Christian ethic of work in South Africa" wat in 2012 verskyn het behoort belangrike lig te werp op die onderwerp. 'n E-posgesprek met Professor Kretzchmar het daartoe gelei dat van haar ander publikasies, veral *The Formation of Moral Leaders in South Africa,* wat reeds in 2007 verskyn het, as model vir Christelik-etiese beoordeling aangewend is.
6. Christian Ethics deur Norman Geisler, die Tien Gebooie deur Prof. PJ de Bruyn, en Christian ethics in the face of secularism deur Prof. Vorster sal deurentyd as handleidings tot Christelike etiek gebruik word, saam met, waar moontlik, met die Institusie van die Christelike Geloof deur Johannes Calvyn, spesifiek boeke 2 en 4 se relevante gedeeltes.

## 4.2 Status van die navorsing

### 4.2.1 Sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing

Die vraag word dikwels gevra of sosiale Darwinisme nog enigsins water dra as paradigma binne die geesteswetenskappe. Kan 'n persoon nog as 'n sosiale Darwinis uitgekryt word – siende dat hierdie titel bykans altyd as belediging toegesnou word, eerder as om 'n kompliment of 'n

self toegeëiende titel te wees – in die 21ste eeu? Veral Robert Bannister het geglo dat die tyd hiervoor gekom en gegaan het. Onlangse studies toon egter dat sosiale Darwinisme as konsep vir akademici die vermoë gee om ‘n denkwyse uit te druk wat nie op ‘n ander manier uitgedruk kan word nie. Die eerste artikel van hierdie studie gaan poog om die Darwinisme se spoor te volg van die eerste filosofiese wortels tot by Darwin se publikasie, waarna sosiale Darwinisme se oorsprong, ontwikkeling, en moderne relevansie bespreek sal word. Uiteindelik sal ‘n keuse gemaak moet word oor die gebruik van sosiale Darwinisme as paradigma.

Dit kom wel voor asof sosiale Darwinisme primêr as paradigma aangewend word om te verwys na die heersende wêreldbeskouing waar groepe of individue diskrimineer op grond van sosiale verdelers soos ras, geloof, geslag, of toestand. (New Dictionary of Cultural History, 2005). Diskriminasie teen mense van dieselfde kultuurgroep maar ‘n ander lewenstoestand sal van groot belang wees, omdat politici in Suid-Afrika se korrupsie dikwels die ergste gevoel word deur hul eie kiesers, wat dikwels van hul eie kultuurgroep deel uitmaak. Veral die Estina-melkery sal lig hierop werp.

Kontemporêre skrywers se geneigdheid om sosiale Darwinisme dan juis so aan te wend, naamlik in terme van finansiële vermoë eerder as ras, geslag, of kultuurgroep, is bemoedigend vir die oogmerke van die studie. (Ali:2013)

Hierdie studie fokus nie op ras, geslag, geloof, of ander sosiale verdelers nie. Die sosiale verdeler waarop hierdie studie fokus is mag, en mag wat as ‘n tipe reg beskou word, en mag wat die agent van hierdie mag meer geskik maak om te oorleef, en dus in ‘n voorkeurposisie plaas.

Sover vasgestel kon word is daar nog geen studie gedoen wat fokus op Sosiale Darwinistiesee beskouing as moontlike rede vir korrupsie of diskriminasie in Suid-Afrika nie. Uiters resente voorbeelde soos korrupsie tydens Covid-19 is nog nie vanuit ‘n Christelik-etiese hoek aangepak anders as op populêre vlak, en in die vorm van preke nie, so kom dit voor. Die enigste Suid-Afrikaanse organisasie wat gevind kon word om al oor Sosiale Darwinisme te geskryf het, is South Africa History Online, wat op 22 Maart 2011 ŉ artikel hieroor gepubliseer het.[1]

Terwyl tirannie nie ŉ nuwe verskynsel is nie, en reeds deur skrywers in Antieke Griekeland as konsep beskryf word (Langner:1948), gaan hierdie studie daarvan uit dat die diskriminasie van maghebbers teenoor burgers in moderne samelewings, anders as in die verlede in die geheim gedoen word, en doelbewus versteek word. Die hipotese is dat dit plaasvind omdat die

---

1 https://www.sahistory.org.za/article/pseudo-scientific-racism-and-social-darwinism-grade-11 - geen erkenning is aan ŉ spesifieke skrywer gegee nie.

maghebbers in die staat of hulleself as meer geskik sien om te oorleef as die kieser of burger, en dit as regverdiging vir hierdie diskriminasie voorhou.

Sosiale Darwinisme word nie meer net verstaan as 'n toepassing van Charles Darwin se werk op die samelewing nie, maar word as konsep gebruik om 'n reeks fenomene te verduidelik (Thomas: 2005), insluitend laissez-faire kapitalisme, en die voortvloeiende opkoms van miljoenêrs (Hofstadter:1955). Reeds in die eerste artikel sal 'n keuse gemaak moet word vir 'n definisie van sosiale Darwinisme, omdat 'n te wye definisie dit onmoontlik sal verklaar om werklik die hart van die kwessie te ondersoek, met ander woorde of sosiale Darwinisme ten dele in die denke van immorele leiers leef, al is dit sonder hul eie bewustheid.

Hier is dit dan nou duidelik gestel, en voorlopig afgehandel, dat sosiale Darwinisme as konsep nie slegs te make het met rasgroepe, soos wat dit dikwels toegepas word nie, maar ook met verskillende klasgroepe en welvaart groepe. Hofstadter (1955) berus hom op Sumner se filosofie hiervoor – 'n punt wat in die eerste artikel weer uitgelig sal word. Kapitaliste wat sukses bereik word volgens Sumner beskryf as persone wat 'n natuurlike kompetisie gewen het, wat hul sosiale posisie beïnvloed. Hierdie gedagte het nie verval nie.

Sosiale Darwinisme word opgesom as die idee dat die sterkste en mees geskikte behoort te oorleef en floreer in die samelewing – die uitvloeisel van hierdie idee was wel in sommige kringe ras, maar dit was nooit die uitsluitlike basis van sosiale Darwinisme nie, wat sou beteken dat wanneer Sosiale Darwinisme as rassistiese konsep verkeerd bewys word, die hele veld nie genullifiseer is nie. Ook verwys sosiale Darwinisme na meer as eugenetika (McClean: 2009). In populêre media verwys Rosen (2011) na sosiale Darwinisme as die rede vir die finansiële depressie van 2008 en Aeschliman (2016) verwys na verskeie van Amerikaanse President Donald Trump se besluite as voortvloeisels van sosiale Darwinisme. Dit is dus aanvaarbaar om, veral in die lig van kapitale misbruik, sosiale Darwinisme as relevante studieveld te beskou en te beskryf. Hierdie punt word as gevolg van Suid-Afrika se uiters sensitiewe rasverhoudings benadruk.

### 4.3 Bydra van die studie

In die Christelike geloof is alle persone gelyk voor God – elkeen na sy Beeld geskep, almal ewe sondig, almal ewe afhanklik van verlossing in Jesus Christus (Ursinus & Olevianus 1562:artikel 8). Alle mag is volgens Christene van God afkomstig, soos in Romeine 13:1 gestel:

> "Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God"

In die hedendaagse Inligtingsera, is daar gedurig openbare skandale waarby onderskeidelik soewereine state as entiteite, regeringsamptenare as verteenwoordigers, maatskappye as entiteite, en besigheidspersone as aanspreeklikes betrokke is.

Hierdie skandale is nie noodwendig nuut nie, maar die toename in beskikbare inligting lei daartoe dat mense meer bewus van immorele leierskap as ooit tevore (Bartz: 2009). Gevolglik is daar meer vrae, en nuwe vrae rondom hoe om sulke amptenare en maghebbers se optrede te beoordeel.

Hierdie studie sal poog om ŉ bibliosentriese beoordeling van sulke maghebbers se selfverheffing bo etiese reëls, wat vir ander geld, te gee. Uiteindelik gaan die studie 'n motivering van sosiale Darwinisme as aanvaarbare paradigma van uitdrukking motiveer, 'n nuwe standpunt vir die beoordeling van politici in Suid-Afrika daarstel, en 'n Christelik-etiese beoordeling van hierdie standpunt se implikasies daarstel. Deur sosiale Darwinisme as aanvaarbaar uit te wys, deur sosiale Darwinisme in die optrede van immorele politici uit te wys, en deur 'n Christelik-etiese beoordeling van sosiale Darwinisme te gee, sal hierdie studie 'n meer akkurate kritiek, en meer spesifieke remedies vir immorele leierskap, wat tans die botoon in Suid-Afrika voer, bied. So word nog ŉ wegspringpunt gegee vir die ware omkeer van die misbruik van leierskapposisies wat in Suid-Afrika gewaar word.

## 5. NAVORSINGSPROBLEEM EN NAVORSINGSVRAAG

### a. Navorsingsprobleem

Immorele leierskap wat by politici in Suid-Afrika gewaar word, het verskeie bronne. Een van hierdie bronne is 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing, wat op immoraliteit uitloop, en noodwendig in oortreding van God se wet, en sy vereistes van maghebbers indruis.

### b. Navorsingsvraag

Die vraag wat deur hierdie navorsing beantwoord moet word, is:

Is sosiale Darwinisme nog ‘n aanvaarbare paradigma om kontemporêr in die geesteswetenskappe aan te wend, en indien wel, kan hierdie paradigma ‘n moontlike verduideliking vir immorele leierskap deur maghebbers in Suid-Afrika bied?

***Vrae wat uit die navorsingsvraag voortspruit***

1. Wat is sosiale Darwinisme, en kan dit nog binne die kontemporêre geesteswetenskappe aangewend word as paradigma om ‘n bepaalde wêreldbeskouing te tipeer?
    a. Wat is Darwinisme, en hoe het dit ontwikkel?
    b. Wat is sosiale Darwinisme, en hoe het dit uit Darwinisme ontwikkel?
    c. Watter etiese implikasies het ‘n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing?
    d. Hoe vergelyk die etiese implikasies van ‘n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing met die wêreldbeskouing van ‘n Christen?
2. Is ‘n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing sigbaar in die immorele leierskap van bepaalde Suid-Afrikaanse politici, en indien wel, hoe beoordeel Christene hierdie optrede?
    a. Hoe sal ‘n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing uit ‘n politikus se optrede afgelei word?
    b. Kan sodanige sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing by bepaalde Suid-Afrikaanse politici bespeur word?
    c. Wat is volgens die Bybel die verwagting wat God het van leiers en ampsdraers?
    d. Hoe vergelyk die immorele leierskap van hierdie bepaalde Suid-Afrikaanse politici met die verwagting wat God van leiers en ampsdraers het?

## 6. NAVORSINGSDOEL EN DOELSTELLING

### a. Doel

Om aan te toon dat sosiale Darwinisme steeds in die 21ste eeu ‘n aanvaarbare paradigma van beskrywing in die geesteswetenskappe is, omdat dit ‘n bepaalde wêreldbeskouing tipeer wat nie andersins beter uitgedruk kan word nie, en omdat dit steeds algemeen gebruik word.

Om verder aan te toon dat hierdie wêreldbeskouing sigbaar is in die optrede van bepaalde Suid-Afrikaanse politici en ampsdraers.

Om laastens aan te toon dat sodanige wêreldbeskouing, en die etiese uitvloeisels daarvan, in opposisie met die Bybel as hoogste maatstaf van die Christelike etiek indruis. Die Christelike etiek word beskou as 'n onderdeel van die Teologiese Etiek.

### b. Navorsingsdoelwitte

Die navorsingsdoelwitte sal aangetoon word deur die volgende sake te ondersoek en te bewys:

1. Om 'n oorsig te gee oor die oorsprong, ontwikkeling en relevansie van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing.
   a. Deur aan te toon wat Darwinisme is, en hoe het dit ontwikkel het.
   b. Deur aan te toon wat sosiale Darwinisme is, en hoe het dit uit Darwinisme ontwikkel het.
   c. Deur die etiese implikasies van 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing te ondersoek en uit te wys.
   d. Deur 'n vergelyking te tref tussen 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing met die wêreldbeskouing van 'n Christen.
2. Immorele leierskap onder politici in Suid-Afrika as uitvloeisel van 'n sosiaal Darwinistiese wêreldbeskouing: 'n Christelik-etiese beoordeling.
   a. Deur aan te toon hoe 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing uit 'n politikus se optrede afgelei kan word.
   b. Deur 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing by bepaalde Suid-Afrikaanse politici na te speur.
   c. Deur aan te toon wat volgens die Bybel die verwagting wat God is vir leiers en ampsdraers.
   d. Deur 'n vergelyking te tref tussen die immorele leierskap van bepaalde immorele Suid-Afrikaanse politici en die verwagting wat God van leiers en ampsdraers het.

## 7. SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT

Die verskyning van immorele leierskap deur bepaalde politici en gesaghebbers in Suid-Afrika is gedeeltelik as gevolg van 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing. Hierdie wêreldbeskouing staan op verskeie punte in direkte teenstelling met God se voorskrifte vir leiers, en God se verwagtings van mense oor die algemeen.

## 8. NAVORSINGSMETODOLOGIE

### a. Navorsingsontwerp

Die navorsing is hoofsaaklik literêr van aard, bedoelende dat dit ʼn literatuurstudie is.

Sosiale Darwinisme sal as konsep ondersoek word, met spesifieke fokus op immorele leierskap as uitvloeisel van Sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing. ʼn Vergelykende studie sal gemaak word tussen voorbeelde van immorele leierskap deur prominente politici en maghebbers, en God se verwagting van leiers, dus leierskap wat van uit die Christelike wêreldbeskouing as moreel aanvaarbaar beskou word. Sodoende sal ʼn oordeel oor immorele leierskap gevel kan word en ʼn weg vorentoe aanbeveel kan word.

### b. Navorsingsmetodes

Literatuurstudie is die enigste navorsingsmetode wat aangewend gaan word. Hierdie literatuurstudie sal aangepak word met vier primêre doelwitte: definiëring, kontekstualisering, vergelyking, en gevolglike beoordeling.

### C. Etiese Oorwegings

Minimale Risiko word voorsien. Die RERC nommer: *PJ - NWU-02110-20-A6* (Minimal risk) – is voorsien.

## 9. DEFINIËRING VAN SLEUTELTERME

Darwinisme: Die teorie van biologiese evolusie wat deur die Engelse natuurkundige Charles Darwin (1809-1882) ontwikkel is, wat stel dat alle spesies van organismes ontstaan en ontwikkel deur die natuurlike seleksie van klein, inherente variasies wat die individuele organisme se vermoë om te oorleef, kompeteer, en voortplant, laat toeneem. Dit staan ook as Darwinistiese teorie bekend, en het aanvanklik die breë konsepte van transmutasie van spesies of makro-evolusie in, wat wetenskaplike aanvaarding gekry het nadat Darwin sy werk "*On the Origin of Species*" in 1859 gepubliseer het (Wilkens 1998; Childress & Macquarrie 1986).

Wêreldbeskouing: 'n Omvattende wêreldbeskouing is die fundamentele kognitiewe oriëntasie van 'n individu of gemeenskap wat die geheel van die individu of die samelewing se kennis en standpunt of gesigspunt insluit. 'n Wêreldbeskouing kan natuurlike filosofie insluit; fundamentele, eksistensiële en normatiewe veronderstellings; of temas, waardes, emosies en etiek (Palmer:1996). Die Wêreldbeskouing van die individu sal noodwendig met die

Mensbeskouing van die individu saamgaan, omdat die Mens binne die grense van die Wêreld funksioneer (Naugle:2011).

Sosiale Darwinisme: ‘n Teorie wat in die laat negentiende eeu na vore gekom het wat aanvoer dat die wette van evolusie, wat Charles Darwin gepubliseer het, ook in die menslike samelewing geldig is. Sosiale Darwiniste voer aan dat sosiale vordering die resultaat van konflik is, waartydens die mees geskikte individue of samelewings oorwin (New Dictionary of Cultural History, 2005). Hierdie is ‘n werksdefinisie, meer sal egter hieroor gesê word by verskeie ander punte. Daar ontstaan die vraag of Sosiale Darwinisme nog bestaan as wetenskap, en of die grootste hoeveelheid daarvan nie as ongeldig of foutief aangetoon is nie. Punt 4.3 van hierdie studie, status van die navorsing, spreek hierdie vraag aan.

Christelike etiek: ‘n tak van Christelike teologie wat ‘n definisie gee van goeie en slegte gedrag van uit ‘n Christelike perspektief, soos afgelei uit die Bybel, die Heilige Skrif van die Christelike geloof (Childress & Macquarrie 1986).

## 10. INDELING VAN AFDELINGS

As gevolg van die keuse van formaat, sal afdelings eerder as hoofstukke gebruik word, siende dat die artikels afsonderlike eenhede moet vorm.

Afdeling A: Navorsingsvoorstel.

Afdeling B: Artikel 1 – Die oorsprong, ontwikkeling, en etiese implikasies van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing: ‘n Historiese oorsig.

Afdeling C Alternatiewe uitvloeisels van sosiale Darwinisme, met reaksies vanuit die Christelik-etiese tradisie.

Afdeling D: Artikel 2 – Immorele leierskap onder politici in Suid-Afrika as uitvloeisel van ‘n sosiaal Darwinistiese wêreldbeskouing: ’n Christelik-etiese beoordeling.

Afdeling E : Gevolgtrekking en aanbevelings

Bronnelys

Beide artikels is ingestuur na aan LitNet Akademies (Godsdienswetenskappe), ‘n geakkrediteerde akademiese aanlynjoernaal.

# AFDELING B: EERSTE ARTIKEL

## Die oorsprong, ontwikkeling en etiese implikasies van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing: ’n Historiese oorsig.


### Abstrak

Korrupsie en immorele leierskap is ’n werklikheid in 21ste eeu Suid-Afrika. Hierdie artikel ondersoek die diepste bron van immorele leierskap – die onderliggende wêreldbeskouing. Die gedagte dat ’n bepaalde persoon of organisme inherent geregtig is op voorkeurbehandeling ten koste van ander persone slaan terug na sosiale Darwinisme – ’n wêreldbeskouing wat as verouderd bestempel word of in onbruik is tot ’n mate. Ten einde die beste moontlike remedies vir die status quo in terme van immorele leierskap te vind, word sosiale Darwinisme as moontlike onderliggende wêreldbeskouing tot immorele leierskap oorweeg. Sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing se ontwikkeling en kontemporêre relevansie word nagespeur en uitgewys, waarna die etiese uitvloeisels van hierdie wêreldbeskouing gedistilleer word, en teenoor die Christelike etiek afgespeel word, met laasgenoemde as maatstaf. Uiteindelik word sosiale Darwinisme, as paradigma, beskryf as steeds geldend en vanuit die Christelike etiek beoordeel.

### Abstract

Corruption and immoral leadership are realities in 21st century South Africa. This article attempts to find the deepest source of immoral leadership – the underlying worldview. The idea that a certain person or organism inherently has the right to preferential treatment at the cost of others, falls back on social Darwinism, a worldview that has been called obsolete or in disuse. To find the best possible remedies for the status quo in terms of immoral leadership, social Darwinism is considered as a possible underlying worldview that leads to immoral leadership. Social Darwinism as worldview’s development and contemporary relevance is researched and indicated, whereafter the ethical implications of this worldview is distilled and played out against Christian ethics. Finally, social Darwinism is defended as paradigm of description, and judged from the view of a Christian ethical tradition.

## 1. Inleiding

Dit is geen geheim dat korrupsie in Suid-Afrika ŉ geweldige uitdaging is nie. Die president van die land, Cyril Ramaphosa, erken self dat miljoene Suid-Afrikaners deur korrupsie onder lede van die regerende party in die steek gelaat is, met spesifieke verwysing na beweerde tenderbedrog tydens die Covid-19-pandemie (Ramaphosa, 2020). Tenderbedrog in 2020 is egter nie die eerste keer waar bedrog onder staatsamptenare beweer word nie. Dit het veral sedert 2009 ŉ toenemende tendens in Suid-Afrika geword, wat as "wydverspreid" beskryf word (Friedman, 2020). Hierdie artikel vertrek vanuit die aanname dat wydverspreide korrupsie onder lede van die regerende party, die ANC, in 2020 ŉ realiteit in Suid-Afrika is.

Dat korrupsie, veral algemene of wydverspreide korrupsie, teen die Bybel se voorskrifte vir leiers ingaan, word algemeen in die Christelike etiek aanvaar (Geisler, 2010:247). Die fokus van hierdie artikel is egter nie die beoordeling van korrupsie nie, maar eerder die wêreldbeskouing waarop dit rus. Hierdie artikel ondersoek die moontlikheid van sosiale Darwinisme as grondliggende wêreldbeskouing tot immorele optrede. Die etiese uitvloeisels van sosiale Darwinisme en ŉ Christelik-etiese beoordeling daarvan, vorm ook deel van die ondersoek.

Hierdie artikel wil nie sosiale Darwinisme op spesifieke gedrag van leierskap toepas nie (sien daarvoor hfst. 3), maar eerder die toetsing en bevestiging van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing en as paradigma binne die breër gesprek rondom wat allerweë in die Christelike etiek as immoraliteit gesien word.

Ten einde sosiale Darwinisme as grondliggende wêreldbeskouing tot immoraliteit te toets, word daar veral op vier aspekte gefokus. Eerstens word Darwinisme, as bron van die sosiale Darwinisme, se totstandkoming en ontwikkeling nagespeur. Tweedens word die oorgang van Darwinisme na sosiale Darwinisme, en die ontwikkeling van laasgenoemde wêreldbeskouing ondersoek. ŉ Derde ondersoek is die afleiding van die etiese uitvloeisels van sosiale Darwinisme, wat aan die hand van prominente sosiale Darwiniste, en denkers wat deur hulle beïnvloed is, se werk nagespeur word. Laastens moet ŉ vergelyking en moontlik ŉ beoordeling van ŉ sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing aan die hand van die Christelike wêreldbeskouing, en gevolglik aan die hand van die Christelike etiek gemaak word.

## 2. Darwinisme

Sosiale Darwinisme is ŉ gekwalifiseerde vorm van Darwinisme, daarom, ten einde sosiale Darwinisme se oorsprong en ontwikkeling na te speur, moet die oorsprong en totstandkoming van Darwinisme eers ondersoek word.

### 2.1. Ontleding van Darwinisme

Darwinisme is ŉ biologiese teorie, wat handel oor hoe (meestal meer ingewikkelde) nuwe spesies spontaan gevorm word, en hoe bestaande spesies uitsterf (Hawkins, 1998:21). Dit word gekoppel aan die werk van Charles Darwin.

#### 2.1.1. Darwin se teorie van natuurlike seleksie.

Charles Darwin, ŉ Britse naturalis en bioloog (1809-1882), is veral bekend vir sy denke in terme van die ewolusieteorie, waar Darwin vanuit die veronderstelling gewerk het dat alle spesies oor tyd afgestam het van gemeenskaplike voorsate. Darwin het ŉ vertakte patroon van ewolusie voorgestel, wat plaasvind deur ŉ proses wat hy natuurlike seleksie genoem het (Coyne, 2009:10).

Darwin se seminale werk, *On the Origin of Species by Means of Natural Selection, or the Preservation of Favoured Races in the Struggle for Life,* het in November 1859 verskyn. In hierdie werk beskryf Darwin sy teorie van die ontwikkeling van spesies, met spesifieke verwysing na natuurlike seleksie. Hy (Darwin, 1859:148) verduidelik die teorie van natuurlike seleksie soos volg (eie vertaling)[2]:

> "Die teorie van natuurlike seleksie word gebaseer op die oortuiging dat elke nuwe variëteit, en uiteindelik elke nuwe spesie, geproduseer en behou word deur die beskikking van ŉ voordeel oor dít waarmee dit in kompetisie kom, en die gevolglike uitsterwing van die minder bevoorregte vorme wat bykans onvermydelik volg."

#### 2.1.2. Darwin se teorie van kompetisie

Darwin se teorie van natuurlike seleksie neem die konstante kompetisie wat daar tussen lewende organismes plaasvind as premis (1859:40). Die derde hoofstuk dra selfs die titel

---

[2]"The theory of natural selection is grounded on the belief that each new variety, and ultimately each new species, is produced and maintained by having some advantage over those with which it comes into competition; and the consequent extinction of less-favoured forms almost inevitably follows."

"*Struggle for Existence*". Darwin voer aan dat 'n spesifieke organisme op drie vlakke teen ander organismes kompeteer, naamlik:

i. Kompetisie tussen lede van dieselfde spesie. Siende dat organismes van dieselfde spesie vir dieselfde tipe voedsel en skuiling kompeteer, is hierdie kompetisie die hoogste vlak van kompetisie.
ii. Kompetisie van die organisme met lede van ander spesies. Hier word tipies na karnivore verwys wat as predatore 'n bedreiging vir individuele lede van 'n ander spesie bied.
iii. Kompetisie met die natuurlike omgewing. Hier word weersomstandighede en natuurrampe ingesluit, maar enige natuurlike verskynsel wat die oorlewing van die individuele organisme bedreig, kan ingesluit word.

### 2.1.3. Die invloed van Thomas Malthus se leerstelling op Darwin se teorie van kompetisie

Darwin (1859:7,39) noem op twee plekke in *The Origin of Species* die naam "Malthus". In beide gevalle verwys hy na "die leerstelling van Malthus"[3], en in beide gevalle het hierdie teorie te make met kompetisie (Clayes, 2000:224).

Thomas Malthus was 'n 18de eeuse Britse kerklike en skrywer, wat in sy bekendste werk, *An Essay on the Principle of Population* stel dat die menslike populasie konstant groei. Daarenteen bly die hoeveelheid beskikbare grond konstant, wat beskikbare grond toenemend skaarser maak. Oorlewing word dus konstant moeiliker (Malthus, 1998:21). Darwin het aanvaar dat die uitsterf van sommige individue en spesies die enigste manier vir ander is om te oorleef.

### 2.1.4. Darwin se sentrale vertrekpunte

Darwin se teorie van natuurlike seleksie berus op vier punte (Hawkins, 2004:27):

i. Biologiese wette beheers die geheel van die organiese natuur, insluitend die mensdom.
ii. Die druk van populasiegroei op hulpbronne veroorsaak 'n stryd om oorlewing onder organismes.
iii. Fisiese en intellektuele faktore wat 'n voordeel aan die eienaars daarvan bied, kan, deur oorerflikheid, deur die populasie versprei.
iv. Die som van hierdie seleksie en die oorerflikheid kan oor tyd daartoe lei dat nuwe spesies verskyn en huidige spesies uitsterf.

[3] "doctrine of Malthus"

Waar die term Darwinisme vervolgens aangewend word, sal hierdie vier elemente, in hierdie spesifieke volgorde, bedoel word.

## 2.2. Ontwikkeling van Darwinisme

Darwinisme is, soos aangetoon sal word, nie ŉ alleenstaande teorie nie, maar dit het bepaalde wêreldbeskouings en ideologieë as wortels. Ten einde Darwinisme te verstaan en regverdig te beoordeel, is dit nodig om die fondamente daarvan te verstaan. Hierdie oorsig word chronologies aangebied, met verwysing na die verband tussen denkers.

### 2.2.1. Aristoteles en die gedagte van ŉ "skoon leiklip".

In die derde boek van sy werk, *De Anima*[4] beskryf die filosoof Aristoteles die menslike psige as ŉ "skoon leiklip"[5].

### 2.2.2. Thomas Aquinas

Die Italiaanse teoloog Thomas Aquinas skryf in sy magnum opus, *Summa Theologica*, waarvan die eerste weergawe in 1274 verskyn het, die volgende (Davies, 2014):

> "Die menslike begrip is in die vermoë t.o.v. dit wat verstaan kan word, en aan die begin is dit soos ŉ lei wat skoongevee is (tabula rasa) waarop niks geskryf is, soos die filosoof [= Aristoteles] in die Derde Boek van De Anima sê. ..."[6] (vrye vertaling)

Aquinas bring ŉ versoening tussen die antieke filosofie en die Christelike geloof, wat die deur na Aristoteles weer vir Westerse denke oopgemaak het, en studie van die antieke filosowe kerklik aanvaarbaar gemaak het.

### 2.2.3. Locke

Die Engelse mediese dokter en filosoof John Locke bou voort op Aristoteles se gedagte van ŉ skoon leiklip, en stel in sy werk, *An Essay concerning human understanding,* wat in 1690 gepubliseer is, die volgende:

---

[4] Grieks: Περὶ Ψυχῆς, Afrikaans: Oor die Siel

[5] γραμματείῳ ᾧ μηθὲν ἐνυπάρχει ἐντελεχείᾳ γεγράφμένον

[6] "Intellectus autem humanus […] est in potentia respectu intelligibilium, et in principio est sicut tabula rasa in qua nihil est scriptum, ut philosophus dicit in III de anima. Quod manifeste apparet ex hoc, quod in principio sumus intelligentes solum in potentia, postmodum autem efficimur intelligentes in actu."

> "Laat ons dan aanneem dat die brein geen idees bevat nie. Dat dit soos wit papier is met niks daarop geskryf nie."[7] (vrye vertaling)

Locke noem Aristoteles nie by name nie, maar neem die gedagte van 'n skoon bladsy waarop geskryf word direk oor. Locke se denke, wat outonomie gee aan die waarnemings van die sintuie, maak die deur na die Positivisme oop.

### 2.2.4. Comte

Auguste Comte (1798 - 1857), 'n Franse filosoof wat 'n tydgenoot van Charles Darwin was, word beskou as die vader van Positivisme – die oortuiging dat werklike kennis slegs bekom kan word deur afleidings te maak gebaseer op ervaring en op natuurlike fenomene (Mondal, 2013). Die impak hiervan is dat die enigste bron van kennis waaroor daar sekerheid kan wees, dít is wat die mens as skoon bladsy deur sensoriese ervaring, bekom.

Die logiese gevolg van Comte se denke is dat geloof as bron van waarheid en kennis verwerp moet word, omdat dit wat geglo word nie sensories waarneembaar of empiries toetsbaar is nie. Hierdie idee het 'n groot impak op die siening van wetenskap gehad – juis ook 'n geweldige vormende invloed op Darwin se denke.

Comte meen dat enige wetenskap, asook alle samelewings deur drie fases moet gaan (Tripathi, 2014):

i. Die Teologiese fase. Hier word geloof, hetsy deur animisme, politeïsme, of monoteïsme, as rede agter die bestaan en onderhoud van alle lewe beskou.
ii. Die metafisiese fase. Hier word onpersoonlike magte verantwoordelik gehou vir die vordering en instandhouding van die kosmos. In die weste sal hier tipies na Deïsme verwys word.
iii. Die wetenskaplike of positiewe fase. Hier word besef dat ware kennis slegs afgelei word uit ervaring en toetsing. Aan die sintuie word dus uitsluitlike beheer gegee oor die domein van waarheid.

Comte se Positivisme het nie net op Darwin nie, maar ook op die vaders van sosiale Darwinisme soos Spencer, Bagehot, en Sumner, groot invloed gehad (Bannister, 1979:99).

---

[7] "Let us then suppose the mind to have no ideas in it, to be like white paper with nothing written on it."

### 2.2.5. Darwin

Dit is duidelik dat Darwin, Comte se gedagtes hooggeag het vanuit sy notaboekies.

Darwin meld in sy notaboek met die titel, *N*, wat in 1838 en 1839 geskryf is, die volgende twee punte oor Comte (Darwin, 1838/1839:12):

> "M. le Comte se idee van die teologiese toestand van wetenskap, groot idee: [...] Sodra enige navrae ontstaan, byvoorbeeld dalk 'n ding soos weerlig sou geplaas word binne die wil van God.- Dierkunde opsigself is nou ten volle teologies." [8]

> "Die verduideliking van tipes strukture in klasse - as 'n resultaat van die gevolg van 'n godheid om sekere diere van sekere planne af te skep, is geen verduideliking nie. Dit het nie die karakter van 'n fisiese wet nie en is daarom ten volle nutteloos – dit onderrig niks, omdat ons niks weet van die Godheid se wil, of hoe dit optree, en of dit konstant of wisselvallig is soos die van mens nie".[9] (vrye vertalings)

Twee gevolgtrekkings kan gemaak word:

i. Charles Darwin was beïndruk deur en onder die invloed van die positivistiese denke van Auguste Comte.
ii. Charles Darwin wou die wetenskap uit sy "teologiese fase" neem na sy "positiewe fase".

## 2.3. Darwinisme skep ruimte vir sosiale Darwinisme

Terwyl sosiale Darwinisme fokus op die evolusionêre ontwikkeling van die mens, is 'n belangrike vraag vir die studie, of Darwin self geglo het dat sy teorie van natuurlike seleksie op die mensdom toegepas kan word[10]? Op 22 Desember 1857, 'n kort tydjie voordat sy *Origin of Species* sou verskyn, skryf Darwin (1857) aan Alfred Russel Wallace, die medeontwikkelaar van die teorie van natuurlike seleksie, die volgende:

---

[8] "M. le Comte's idea of theological state of science, grand idea: ... as soon as any enquiry commenced, for instance probably such a thing as thunder would be placed to the will of God.- Zoology itself is now purely theological."

[9] "The explanation of types of structure in classes - as resulting from the will of the deity, to create animals on certain plans, - is no explanation - it has not the character of a physical law /& is therefore utterly useless. - it foretells nothing / because we know nothing of the will of the Deity, how it acts & whether constant or inconstant like that of man."

[10] 'n Breedvoerige uiteensetting van die eienskappe en karakter van sosiale Darwinisme word by punte 3.1 en 3.2 gegee.

> "Jy vra of ek "mens" sal bespreek. Ek dink ek sal die hele onderwerp vermy, omdat dit gehul is in vooroordeel, alhoewel ek ten volle erken dat dit die hoogste en mees interessante probleem vir die naturalis is."[11]

Uit die opmerking asook Darwin se uiteensetting van hoe die mens evolusionêr ontwikkel het, is dit duidelik dat hy self daarvan oortuig was dat hierdie teorie ook op die mens van toepassing gemaak moet word, maar dat hy bang is om dit in te sluit vanweë vooroordele.

## 3. Sosiale Darwinisme

Ten einde die aanvanklike doelwitte van die artikel te bereik, by name om te bepaal of sosiale Darwinisme steeds as paradigma gebruik kan word om die denke onderliggend aan ŉ stel optrede te tipeer, was dit nodig om Darwinisme te definieer en die wetenskaplike ontwikkeling daarvan te tipeer. Die volgende doelwit is om sosiale Darwinisme te definieer, en om na afloop daarvan ook die ontwikkeling van sosiale Darwinisme, die verskyning daarvan deur die geskiedenis en die implikasies daarvan uit te wys.

### 3.1. Definiëring van sosiale Darwinisme.

#### 3.1.1. **Sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing**

Die term wêreldbeskouing het sy oorsprong by die Duitse filosoof Immanuel Kant, wat in 1790 die term "*Weltanschauung"*[12] in sy boek, *Kritik der Urteilskraft* gebruik het. Vir Kant is hierdie "*Weltanschauung"* die mens se intuïsie van die wêreld – dus sou dit regverdig wees om aan te voer dat die oorsprong van die term eerder verwys het na die waarneem van die omgewing as ŉ beoordeling daarvan, of ŉ voorskrywing daarvan.

Die Suid-Afrikaanse filosoof, Hendrik Stoker (1969:123) gebruik die term wêreldbeskouing altyd in samehang met "lewens- " en verwys dus na "lewens- en wêreldbeskouing". Hy gebruik hierdie frase 270 keer in sy boek oor die wetenskap, *Beginsels en metodes in die wetenskap*, wat die belangrike invloed hiervan op ŉ mens se denke, optrede en spesifiek ook wetenskapsbeoefening beklemtoon.

---

11 "You ask whether I shall discuss "man". I think I shall avoid the whole subject, as so surrounded with prejudices; though I fully admit it is the highest and most interesting problem for the naturalist."

12 Letterlik: Wêreldbeskouing

ʼn Lewens- en wêreldbeskouing beskryf hoe ʼn persoon alles om hom beskou. Hawkins (2003:30) stel dat sosiale Darwinisme die vier elemente van Darwinisme, wat reeds by 2.1.4. aangetoon is, omarm, maar ook ʼn vyfde element insluit. Hawkins se vyfde element, tesame met die oorspronklike vier, word hier as breë definisie van sosiale Darwinisme aangebied.

i. Biologiese wette beheers die geheel van die organiese natuur, insluitend die mensdom.
ii. Die druk van populasiegroei op hulpbronne veroorsaak ʼn stryd om oorlewing onder organismes.
iii. Fisiese en intellektuele faktore wat ʼn voordeel aan die eienaars daarvan bied, kan, deur oorerflikheid, deur die populasie versprei.
iv. Die som van hierdie seleksie en die oorerflikheid kan oor tyd daartoe lei dat nuwe spesies verskyn, en huidige spesies uitsterf.
v. Die wetenskaplike determinisme van Darwin se beginsels het by mense nie net te make met hul fisiese eienskappe nie, maar ook met sielkundige eienskappe wat ʼn invloed op hul sosiale lewe het. Hierdie eienskappe sluit in rede, geloof, en moraliteit.

### 3.1.2. Toepassings van sosiale Darwinisme

Daar is reeds vroeër om die artikel melding gemaak dat uiteenlopende ideologieë vanuit sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing gevloei het. Die drie mees prominente uitvloeisels van sosiale Darwinisme is egter ekonomies, polities en geneties. Al drie hierdie velde het Darwinisme as oorsprong, en kan met reg sosiale Darwinisme genoem word. Dit is wel noodsaaklik om te besef dat twee sosiale Darwiniste uiteenlopende standpunte oor sake soos ekonomie, oorlog, en eugenetika kan hê, soos wat aangetoon sal word.

Die onderskeid tussen verskillende strome van sosiale Darwinisme het hul verdeling te danke aan Darwin se onderskeid tussen tipes kompetisie. Een organisme se kompetisie met ander soortgelyke organismes sal by mense meestal ekonomies van aard wees. So kan twee mense van dieselfde dorp, ras, en kultuur, kompeteer vir ʼn beter stuk grond om te boer – die veld van kompetisie is dan noodwendig die ekonomie. ʼn Ander vorm van kompetisie wat Darwin beskryf is kompetisie tussen verskillende groepe met mekaar.

Waar een kultuurgroep teen ʼn ander kultuurgroep, of lede van een ras teen ʼn ander ras kompeteer, sal hierdie kompetisie noodwendig met oorlog en eugenetika te make hê, eerder as met ekonomiese stelsels.

#### 3.1.2.1. Laissez-faire vryemark kapitalisme

Hierdie beskouing sien ondersteuning aan armes en hulpbehoewendes deur welsynsprogramme as remmend op die menslike evolusionistiese proses, aangesien dit daartoe sal lei dat swakker eienskappe sal voortleef en die gemeenskap selfs verswak (sien Spencer, 1978).

#### 3.1.2.2. Eugenetika

Francis Galton, ŉ neef van Charles Darwin, skryf in 1865 ŉ artikel onder die opskrif, *Hereditary talent and character* en voer aan dat intellektuele, morele, en persoonlike eienskappe van een geslag na ŉ ander geslag oorgedra word (Galton,1883:129). Hy glo dat talentvolle persone suksesvol sal wees ondanks hul agtergronde, terwyl hulle sonder hierdie talent sal misluk, ondanks goeie huise of verbindings. Omdat oorerwing en nie omgewing nie, die groter invloed sou hê op hoe mense ontwikkel, moet daar werk daarvan gemaak word dat persone met beter eienskappe ondersteun moet word om kinders te kry, terwyl diegene met swakker eienskappe verhoed moet word om voort te plant.

#### 3.1.2.3. Marxisme

Karl Marx, die vader van Marxisme, en sy kollega Friedrich Engels, was groot aanhangers van Darwin, en verwys etlike kere direk na Darwin in hul korrespondensie. Beide Marx en Engels skryf dat Darwin se werk die "teleologie van natuurlike wetenskap" totaal vernietig, en die rasionele verduidelikings van die natuurlike wetenskap empiries bewys (West, 2015:119). Dit vloei voort in die kommunistiese idee dat dit nie saak maak hoeveel van die proletariaat moet seerkry en sterf, in die proses om ŉ klaslose Utopia vir die proletariaat daar te stel nie.

## 3.2. Hoe het sosiale Darwinisme ontwikkel?

### 3.2.1. Herbert Spencer

Die naam van Herbert Spencer het nie sonder rede sinoniem geword met die sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing nie. Spencer was ŉ tydgenoot van Darwin en die eerste om Darwin se idees op die mensdom toe te pas. Nadat hy Darwin se *Origin of Species* gelees het, merk Spencer die volgende op (1864:444):

> "Die oorlewing van die mees geskikte, wat ek hier probeer verduidelik in meganiese terme, is dít wat mnr. Darwin 'natuurlike seleksie' noem , of die behoud van bevoordeelde rasse in die stryd om lewe"[13]. (vrye vertaling)

Spencer het met sy sosiale Darwinisme by uitstek op die ekonomiese toepassing gefokus. Offer (2007:37) stel dat Spencer homself teen staatshulp vir die armes beywer het, om drie redes:

- Staatshulp sou die armes afhanklik maak van dergelike hulp.
- Staatshulp voorkom die natuurlike aanpassing van die mens by veranderde omstandighede (natuurlike seleksie).
- Staatshulp straf hulle wat wel aangepas het deur hulle te laat betaal vir die hulp van ander.

In 1864 was Spencer die eerste om die sinsnede "*survival of the fittest*" op die mensdom toe te pas. In sy latere werk, *Principles of Ethics* (1898) brei hy hierop uit. Die volgende aanhalings beskryf sy siening en kom uit deel ses se sewende hoofstuk, *Relief of the Poor*. (eie vertalings)

- "Om te sê dat party harder moet werk sodat ander lui kan bly is absurd."
- "Die waardiges kry swaar eerder as om vir hulp te vra, terwyl die nuttelose hulp versoek, en dit ontvang."
- "dit (die onaanstelbaarheid van baie wat swaarkry) toon aan dat liefdadigheidsorganisasies hulle in staat stel om die harde, maar werklike dissipline van die natuur vry te spring."
- "Maak ons nie hulle wat onwaardig is nog meer onwaardig deur hulle te help nie?"
- "Daar is 'n wreedheid in om aan ons nageslag oor te dra aan 'n bevolking van misdadigers en onvermoëndes."
- "Indien dit in alle erns toegelaat word om te funksioneer, sal die beginsel van oorlewing van die mees geskiktes, wat, indien ons dit eties oorweeg, ons verstaan om te bedoel dat elke individu gelaat sal word om die effek van sy eie natuur en optrede te ervaar, daartoe lei dat die swakkelinge vinnig verwyder word."

Spencer is van die oortuiging dat deurlopende welsyn teen die beginsel van natuurlike seleksie ingaan, en gevolglik daartoe lei dat persone oorleef wat nie moes oorleef nie. Die oorlewing van hierdie "*onvermoëndes*"[14] soos Spencer hulle noem, verswak die geenpoel van die mensdom.

---

[13] "This survival of the fittest, which I have here sought to express in mechanical terms, is that which Mr. Darwin has called "natural selection", or the preservation of favoured races in the struggle for life."

[14] Eie beklemtoning, nuutskepping.

### 3.2.2. Bagehot

Tesame met Spencer was van die eerste sosiale Darwinistiese denkers die Britse ekonoom Walter Bagehot. Bagehot voer reeds in 1867 aan dat natuurlike seleksie ontwyfelbaar in die mensdom se vroeë geskiedenis ’n rol gespeel het. Hy verwys daarna dat die groepe wat die beste georganiseer is die swakker geordende groepe uitgewis het. Bagehot se waarde tot die ontwikkeling van sosiale Darwinisme was die voorstel en gedagte dat ’n groep se kultuur daardie groep meer of minder geskik tot oorlewing maak – ’n punt wat relevant sou raak in die twintigste eeu, toe groepe as ’n geheel beoordeel is vir hul vlak van ontwikkeling en rangorde teenoor ander groepe.

Vir Bagehot (1867:522) is vordering ’n “toename in die aanpassing van die mens tot sy omgewing, dus, van sy interne vermoëns en wense tot sy eksterne lot en lewe.” Hy verskil van Darwin in die sin dat hy nie glo dat variante wat voorkom, soos Darwin dit tipeer het, per ongeluk of wetenskaplik lukraak was nie. Hy glo, in lyn met Lamarck, dat aanpassings of verbeterings wat ’n organisme ondergaan oordraagbaar is na ’n volgende generasie toe. Hierdie kenmerk staan bekend as die oorerflikheid van verworwe eienskappe. Bagehot glo dus dat die mens as gevolg van goeie besluite en ’n beter kultuur ’n beter mens word, wat sy of haar nageslag, of daardie besondere kultuurgroep positief beïnvloed. So sal die sterkes dan die swakkes uitwis. Hierdie gedagte van kulturele in plaas van suiwer individuele seleksie in sosiale Darwinisme het by Bagehot ontstaan (Paquette, 2007:2).

### 3.2.3. William Graham Sumner

Waar Bagehot en Spencer in Brittanje ’n sosiale toepassing van Darwin se teorie van natuurlike seleksie gebied het, is die vernaamste werk in die VSA aanvanklik gedoen deur William Graham Sumner (1840-1910), aldus Hofstadter (1941: 458). Sumner se bydraes was groot. Drie pertinente idees wat hy na vore gebring het bring sosiale Darwinisme se Laissez-faire kapitalistiese kenmerke intellektueel na vore.

#### 3.2.3.1. Die mens-tot-grond verhouding

Soos Darwin is Sumner deur die werk van Malthus beïnvloed, en glo hy dat die onderliggende beginsel van die samelewing die verhouding van mens-tot-grond is. Die gehalte lewe wat ’n

mens lei sal direk afhanklik wees van die hoeveelheid mense in verhouding tot beskikbare grond (Hofstadter 1941:460). Hier word die gedagte van kompetisie om hulpbronne, wat by Darwin sterk figureer, duidelik op die mensdom toegepas.

#### 3.2.3.2. Die neutraliteit van die natuur

In sy boek *What Social Classes owe to Each Other* wat in 1883 verskyn het, stel Sumner:

> "Die natuur is ten volle neutraal, sy gee aan hóm wat die mees energiek en vasberade haar bewerk. Sy gee haar beloning aan die mees geskikte."

In sy boek, *The Challenge of Facts*, wat in 1882 verskyn het, stel hy:

> "Die vordering van 'n beskawing is afhanklik van die seleksieproses, en daardie proses is afhanklik van die funksionaliteit van onbeperkte kompetisie. Kompetisie kan nie ignoreer word nie."

Hierdie twee opmerkings stel, alhoewel beide in 'n bepaalde konteks verskyn, die denke van Sumner duidelik. Hy is daarvan oortuig dat kompetisie 'n kritieke element in die oorlewing van die mees geskikte is, en hy pas die beginsels van Darwin onverbloemd op die mensdom toe.

#### 3.2.3.3. Die regverdiging van miljoenêrs

Sumner se denke oor die mensdom en kompetisie, lei daartoe dat hy 'n siening oor kapitalisme, en veral suksesvolle kapitaliste, het wat ten minste in die volksmond nie verval het nie. Sumner stel (1883:54) dat die hoofde van bepaalde industrieë, dus die entrepreneurs en bestuurders van kapitaal, uitverkies is as produk van natuurlike seleksie vanuit die ganse korps van die mensdom, omdat hulle aan die vereistes wat die werk stel kan voldoen. Rykes, of soos Sumner hulle spesifiek noem, miljoenêrs, is dan die produk van natuurlike seleksie, en natuurlike prosesse. Sumner regverdig en legitimeer so 'n massiewe rykdom.

### 3.2.4. Samevatting by die ontwikkeling van sosiale Darwinisme

Alhoewel baie denkers tot die ontwikkeling en daarstelling van sosiale Darwinisme bygedra het, bied die denke van Spencer, Bagehot, en Sumner 'n goeie aanduiding van die ontwikkeling van sosiale Darwinisme vir die doeleindes van hierdie studie. Die uitvloeisels van sosiale Darwinisme kom in 'n volgende afdeling aan die orde.

## 3.3. Algemene kritiek teen sosiale Darwinisme

Indien sosiale Darwinisme as paradigma van beskrywing en beoordeling in die 21ste eeu aangewend word, is dit nodig om kennis te neem van kritiek teen sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing, en of dit staande bly in die aangesig van kritiek.

### 3.3.1. Lamarck of Darwin

Sekere historici kritiseer die idee van *sosiale Darwinisme* en gee as motivering dat dit eerder na die denke van Jean-Baptiste Lamarck terug gryp as die van Charles Darwin. Jean Baptiste Lamarck (1744-1829) se werk word deur Darwin erken as ʼn belangrike bydrae, maar daar is ook ʼn belangrike verskil. Lamarck en Darwin verskil primêr op die gebied van die oorerflikheid van verworwe eienskappe. Dit beteken dat Darwin voorhou dat mutasies plaasvind, en die beste mutasies oorleef, siende dat hulle die mees geskikte is, terwyl Lamarck aanvoer dat eienskappe wat in die leeftyd van die organisme ontwikkel is, oorgedra kan word. ʼn Orgaan wat nie gebruik word nie, sal dus mettertyd nie meer oorgedra word nie (Hawkins, 2003:39). Veral die denke van Bagehot vind hierby aanklank, wanneer hy stel dat hardwerkendheid mettertyd oorerflik word, maar dat dit by die oorerflikheid ingewerk kan word. Hawkins (2003:42) bied ʼn verdediging vir die term sosiale Darwinisme eerder as sosiale Lamarckisme. Lamarck het nie geglo dat kompetisie tussen individue van dieselfde spesie die mees prominente area van kompetisie is nie – ʼn aanname wat aan die hart van Darwin se denke staan.

Siende dat sosiale Darwinisme, waar dit in ʼn ekonomiese verband gebruik word, juis die kompetisie tussen lede van dieselfde spesie op die spits dryf, moet Darwin se denke as meer kardinaal beskou word.

### 3.3.2. Von Mises

Die gedagte van sosiale Darwinisme, veral wanneer dit as wêreldbeskouing die skuld vir ʼn radikale Laissez-faire kapitalisme kry, gee stukrag vir aanklagte teen vryemark ekonome. ʼn Reaksie op sosiale Darwinisme kom voor by die ekonoom Ludwig von Mises, wat in sy boek, *Socialism* stel dat hierdie wêreldbeskouing foutief is. Hy verskaf drie redes hiervoor, naamlik (1981:281):

- Binne ʼn samelewing is daar nie meer ʼn stryd tussen mense nie, en dat daar in plaas van die stryd die gemeenskaplike hulp is wat die beweegrede agter die vereniging van individue as gemeenskap is.

- Kompetisie behoort nie as ŉ kenmerk van oorlogvoering beskou te word nie, maar eerder as kenmerk van samewerking.
- Wanneer persone of besighede in ŉ ekonomiese stryd verloor, word hulle lewens nie verloor nie, hulle word bloot forseer om hul arbeid elders aan te wend.

Von Mises se aanval op sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing misluk egter daarin dat dit ŉ formele denkfout begaan, naamlik dié van ŉ valse dilemma. Von Mises glo dat die stryd tussen lede van ŉ gemeenskap verval het toe die gemeenskap gevorm is, anders sou daar nie ŉ beweegrede wees om die gemeenskap in die eerste plek te vorm nie. Hy maak die aanname dat daar binne ŉ gemeenskap geen stryd meer kan wees nie. In werklikheid kom bittere kompetisie selfs binne vreedsame gemeenskappe voor. Von Mises se kritiek op sosiale Darwinisme verklaar dit nie ongeldig nie, omdat kompetisie en ŉ vreedsame samelewing nie ten volle uitsluitend van mekaar is nie, maar gemeenskaplik kan voorkom.

### 3.3.3. Bannister

Van die felste kritiek teen die gebruik van sosiale Darwinisme as paradigma het gekom van Robert Bannister, in sy boek *Social Darwinism: Science and Myth in Anglo-American Thought* wat in 1979 gepubliseer is. Hoewel Bannister heelwat invloed met sy siening gehad het , is sy kritiek op sosiale Darwinisme in 1997 voortreflik deur Mike Hawkins beantwoord, met ŉ bygewerkte weergawe in 2003.

#### 3.3.3.1. Bannister se aanklag teen sosiale Darwinisme as paradigma

Bannister (1979: 251) se aanklag teen sosiale Darwinisme is dat dit ŉ strooiman van Darwin se teorieë daarstel, en dat dit ŉ verdraaiing van sy beginsels is. Sosiale Darwinisme is ŉ sosiale mite juis omdat dit verbuig kan word om by soveel verskillende ideologieë ingeprop te word, dat dit nie werklik meer na 1945 as eie entiteit kan bestaan nie. Dat dit hoofsaaklik as belediging gebruik is om akademici of politici met wie die spreker of skrywer nie saamstem nie te beledig, tel volgens Bannister (1979: xi) ook teen die wetenskaplike erkenning van sosiale Darwinisme.

Bannister (1979: 113) erken wel dat daar by Sumner en Spencer ŉ tipe sosiale Darwinisme bestaan het, maar dat dit eerder ŉ pseudo-wetenskaplike gryp na wetenskap was om sosiale denke te regverdig. Bannister reageer deurentyd op Spencer deur sy denke gewoon as verkeerd en misluk af te maak.

Uiteindelik is die gevolgtrekking van Bannister se boek, ook die doel daarvan – om die hamer waarmee vryemark ekonomiese denkers of proteksionistiese nasionaliste gedurig geslaan word uit die hand van die kritici te neem.

#### 3.3.3.2. Hawkins se antwoord op Bannister se aanklag

Mike Hawkins wy ʼn hele boek aan die beantwoording van Bannister se stellings, alhoewel hy die boek nie pertinent as kommentaar skryf nie. Hawkins (2003: 312) gee toe dat kompetisie by die mens nie so eenvoudig is nie, omdat rasionele denkers besef dat moord en verkragting, wat die instrumente van kompetisie by stamgebonde sosiale Darwinisme sou wees, verkeerd en veragtelik is. Die algemene aanvaarding van oppervlakkige kompetisie is nie so banaal of eenvoudig nie.

Hawkins (2003: 313) kom tot die gevolgtrekking dat sosiale Darwinisme in al vyf elemente, wat ook in hierdie studie se definisie vervat is, nog in 2003 deur sosiobioloë as term en as paradigma aangewend is, en dat dit nie skaars was nie, maar eerder volop en algemeen. Verder, so meld Hawkins, is dit onregverdig om sosiale Darwinisme as vulgêr af te maak, afgelei van Darwin se teorieë, omdat Darwin self ʼn belangstelling in die toepassing van sy werk op die mensdom as ʼn uiters interessante kwessie beskou het, soos in sy korrespondensie met Wallace duidelik is.

Uiteindelik kom Hawkins tot die gevolgtrekking dat sosiale Darwinisme ʼn oortuigende wêreldbeskouing is, ook in die teenswoordige tyd, en dat dit rede genoeg is om die gebruik daarvan te regverdig, om watter doel dan ook, al is dit vir kritiek.

#### 3.3.3.3. ʼn Beoordeling van Bannister teenoor Hawkins

Wanneer die boeke van Bannister en Hawkins teenoor mekaar gestel word, word die leser oor sosiale Darwinisme gekonfronteer met ʼn duidelike en ʼn reglynige konflik tussen twee standpunte. Bannister en Hawkins se beskouings oor die relevansie van sosiale Darwinisme post-1945 is gemeenskaplik uitsluitend, wat beteken dat hulle op geen punte oorvleuel nie.

Die kritiek teen Bannister se beskouing is dat dit ʼn oorhaastige beoordeling maak en ʼn gevolgtrekking wil afdwing. Bannister se poging om prinsipiële kritiek oor sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing uit te spreek is geldig, en hy is binne sy regte om dit te doen, maar hy oortree die reg van die wetenskaplike wanneer hy wil aanvoer dat die paradigma sinneloos, of nutteloos is en dus nie gebruik mag word nie. Die behoefte van ʼn denker om ʼn spesifieke verskynsel uit te

druk is rede genoeg vir ŉ woord of paradigma om te ontstaan. Die feit dat ŉ weglaatbare klein hoeveelheid mense in die 21ste eeu aanbidders van die afgod Zeus is, neem nie die reg van historici of sosiale teoretici weg om Zeus as konsep aan te wend nie. Dieselfde geld ook vir sosiale Darwinisme, in die sin dat die gebruik of onbruik van ŉ konsep nie die legitimiteit van ŉ paradigma bepaal nie.

Sosiale Darwinisme verskil egter van die Zeus-voorbeeld in die opsig dat die oorsprong van weerlig nie meer ŉ vreemde verskynsel vir die mensdom is nie, en dat mense nou weet dat weerlig ŉ ontlading van wolke se wrywing is. Sosiale Darwinisme is vir baie denkers steeds die naaste beskrywing van ŉ spesifieke wêreldbeskouing, anders sou ŉ beter woord of verduideliking al in gebruik gewees het.

Om die eenvoudige rede dat geen beter beskrywing vir die wêreldbeskouing bekend is nie, en om die logiese rede dat ŉ paradigma se aanwending nie verbied mag word as gevolg van ŉ denker se ongemak nie, word die gebruik van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing en as paradigma hier aanvaar.

## 4. Etiese implikasies van sosiale Darwinisme

Die voorafgaande afdelings van hierdie studie het gepoog om aanvaarbare definisies van Darwinisme en sosiale Darwinisme daar te stel, asook die historiese verloop van beide terme uit te stip. By sosiale Darwinisme is daar ook moeite gedoen om die relevansie daarvan in moderne denke te verdedig, siende dat daar akademici is wat die relevansie daarvan bevraagteken.

Alvorens ŉ etiese beoordeling van sosiale Darwinisme gemaak kan word, moet die etiese implikasies daarvan uitgestip word. Hoewel sosiale Darwinisme ŉ wêreldbeskouing en nie ŉ ideologie is nie, is dit as basis vir verskeie ideologieë aangewend sedert die eerste gebruik van die term in 1864 deur Herbert Spencer. ŉ Persoon, party, of regering wat een van die aspekte van sosiale Darwinisme openbaar of aanhang, is nie noodwendig ŉ voorstander van ander idees of optredes wat met die wêreldbeskouing mag saamgaan nie.

### 4.1. Laissez-faire kapitalisme

Laissez-faire beteken direk vertaal uit Frans, iets in die lyn van “laat dit wees”. Hierdie veld van ekonomiese denke word soos volg deur Scruton (2007: 391) gedefinieer:

> Fisiokrate (ekonomiese teoretici wat glo dat alle waarde van die natuur afkomstig is), het geglo dat die staat se rol bloot was om eiendom te beskerm, en orde te bewaar, en hulle is as Laissez-faire-denkers beskryf. (vrye vertaling)

Regeringsamptenare behoort volgens hierdie denke glad nie by die ekonomie in te meng nie. Selfs liefdadigheid behoort volgens Spencer eerder deur private organisasies bedryf te word.

Spencer bevraagteken die meriete van enige liefdadigheid, en die aanhaling van hom wat reeds vermeld is dat daar ŉ "wreedheid is om aan ons nageslag oor te dra ŉ bevolking van misdadigers en onvermoëndes" bewys sekerlik die punt dat Spencer geglo het dat die ekonomie radikaal alleen gelaat behoort te word, en dat herverdeling, wat swakkelinge sou bevoordeel, vermy moet word. In dié opsig het Spencer ŉ absolute Laissez-faire-denkwyse voorgestaan.

### 4.2. Eugenetika

Melding is reeds gemaak van Francis Galton, wat geglo het in die idee dat mense op ŉ intelligente manier geteel moet word, soos wat by diere die geval is. Hierdie artikel fokus egter spesifiek op ekonomiese uitvloeisels, en daar sal dus nie verder oor Galton uitgebrei word nie.

### 4.3. Kolonialisme

Kolonialisme, die aktiwiteit waardeur ’n sterker nasie ’n swakker nasie oorwin, onderdruk en beheer, is deur die denke van Darwin, Spencer, Bagehot en Sumner tot ’n groot mate beïnvloed. Jules Ferry, ’n Franse politikus, stel op 28 Maart 1884 in ’n toespraak voor die Franse tweede-kamer die saak as volg:

> Menere, ons moet harder en eerliker praat. Ons moet openlik stel dat die hoër rasse ’n reg oor die laer rasse het. Ek herhaal, die sterker rasse het ’n reg, want dit is hulle plig. Hulle het die plig om ondergeskikte rasse te beskaaf. In die geskiedenis van vorige eeue is hierdie pligte dikwels verkeerd verstaan [...], maar in ons tyd hou ek vol dat Europese nasies hulself met vrygewigheid, grootsheid, en opregtheid van hierdie opperste beskawingstaak kwyt (Ferry, 1884) (vrye vertaling uit die Engels).

Hier word die denke van die tyd duidelik gemaak. Daar is ’n beter en ’n swakker ras – woordeskat van sosiale Darwinisme, en die beter ras het sekere regte oor die swakker ras.

### 4.4. Anargisme

Anargisme is die oortuiging dat ŉ regering in wese boos is, of dat dit verkieslik en moontlik is om die owerheid ten volle of ten dele te ontbind. ŉ Anargis sou tipies glo in ŉ samelewing sonder die instellings van ŉ staat, sonder enige vorm van gesag, en sonder inmenging by die optrede van individue (Scruton: 2007). Hierdie tema is interessant, maar nie toepaslik tot die navorsingsvraag nie.

### 4.5. Moraliteit by die mens

Die beskrywing van ŉ evolusionêre ontwikkeling van moraliteit by die mens was vir Darwin ŉ uitdaging. ŉ Mens wat konstant in kompetisie om hulpbronne en om oorlewing is sal tog nie norme en waardes aanhang wat teen sy oorwinningstog is en boonop as sosiaal aanvaarbaar beskou word nie. Hoe sou Darwin dan ŉ antwoord bied op die mens se ontwikkeling van norme en waardes, of selfs net ŉ oppervlakkige altruïsme?

Darwin bied die antwoord hierop in sy boek, *The Descent of Man* (1874) wat vyftien jaar na *The Origin of Species* gepubliseer is. In hoofstuk vyf van hierdie boek stel Darwin (1874: 359) die volgende:

> "Tans word barbaarse nasies oral vervang deur beskaafde nasies, behalwe waar weersomstandighede ŉ dodelike versperring bied. Hierdie nasies is suksesvol as gevolg van hul handewerk; die produkte van hul intellek."[15] (vrye vertaling)

Darwin maak die punt aanvanklik in terme van wapens of skepsels, maar gaan verder oor na moraliteit, en die oorsprong van morele optrede volgens sy beskouing (1874: 361):

> "As twee stamme primitiewe mense wat in dieselfde land woon in kompetisie met mekaar sou kom, sal die stam met die grootste hoeveelheid brawe, simpatiese en getroue lede, wat mekaar waarsku, help en verdedig, suksesvol wees oor die ander stam"[16] (vrye vertaling)

Darwin voer dus aan dat moraliteit ŉ oorerflike bate was, en dat stamme met goeie morele waardes, veral dié wat genoem word, braafheid, simpatie en getrouheid, as variante gesien kan word wat ŉ groep meer geskik sal maak om te oorleef. Hierdie darwinistiese moraliteitsteorie is

---

[15]"At the present day civilised nations are everywhere supplanting barbarous nations, excepting where the climate opposes a deadly barrier; and they succeed mainly, though not exclusively, through their arts, which are the products of the intellect."

[16] "When two tribes of primeval man, living in the same country, came into competition, if the one tribe included a great number of courageous, sympathetic and faithful members, who were always ready to warn
each other of danger, to aid and defend each other, this tribe would succeed better and conquer the other."

’n direkte uitvloeisel van Darwin se aanvanklike teorie van natuurlike seleksie, wat op die mens toegepas word.

### 4.6. Mag is reg (“*Might is right”*)

Reeds in *Die Republiek* van Plato meld Thrasymachus dat geregtigheid niks anders is as die belang van die sterker party nie. Die idee van ’n kratokrasie, of regering deur die sterkste, word hier bedoel (Waterfield, 2008: 133).

In 1896 verskyn ’n boek onder die skuilnaam Ragnar Redbeard met die titel “*Might is Right*”. Dit is van seminale belang om te noem dat die subopskrif van hierdie boek “*or Survival of the Fittest*” is. Hierdie frase van Spencer word aangehaal, wat geen twyfel kan laat oor die boek se inspirasie, of ten minste ’n groot deel daarvan nie – dit is immers by die titel ingeskryf. Hierdie boek daag die Bybel uit as Semitiese mites (1896: 5), en stel dat hierdie sogenaamde spinnerakke van oosterse denke, waarmee morele kodes bedoel word, uitgeruk moet word.

Die filosofiese gedagte van die ganse boek is dat hulle wat in posisies van mag is, vernaamlik die “Noordelike rasse” en dan ook redelik duidelik die manlike lede van die samelewing, hul posisies van mag nie in verdrae of onderhandeling moet verloor nie, maar moet uitbuit om oorwinning te behaal.

Hierdie boek bied vir hierdie studie, maar ook vir die noodwendige gevolge van sosiale Darwinisme soos negatiewe eugenetika en Naziïsme, ’n belangrike skakel in denke. *Might is Right* toon aan dat tirannie as ’n uitvloeisel van sosiale Darwinisme beskou kan word.

Die outeur van die boek se denke is uitdruklik verwerplik van Christendom (1896: 14):

> “Ons moet of ons sinne verlaat, of ons moet Christus verlaat” – ’n aanhaling wat duidelik as aanval op die Christendom gesien moet word.

En verder:

> “Hy is die profeet van onkunde, die prediker van rammelinge. Alles wat selfverterend en vernietigend van die mensdom is vereer Hy, alles wat selfbehoudend en heldhaftig is, verwerp Hy [...]. Hy seën die mislukkings en vervloek die suksesvolles”.

Die band met sosiale Darwinisme en eugenetika kom verskeie kere sterk na vore (1896: 162):

> “Rassige vrotheid kan net verwyder word deur intelligente toepassing van teelkuns van mense, gebaseer op die beginsels van natuurlike seleksie, tesame met bewuste

vernietiging tydens dodelike konflik. Oorlog is die mees belangrike deel van rasse-, seksuele-, en stamgebaseerde- ewolusie”. (vrye vertalings)

Kratokrasie kan dus ŉ uitvloeisel van sosiale Darwinisme wees.

### 4.7. Ateïsme

Lightman (2002: 271) verwys na Thomas Huxley, ŉ groot aanhanger en navolger van Darwin se werk, en sy skepping van die woord “agnostisisme” reeds in 1869. Huxley glo dat daar geen absolute mag is om te ken nie, maar identifiseer nie as ŉ ateïs nie. Hierdie verwikkeling is wel opmerklik, juis vir die invloed wat die natuurwetenskap op die geloof, en die stryd teen geloof, gespeel het en steeds speel.

Die aanduiding dat Darwin se werk op ateïsme kan uitloop word in moderne tye deur niemand meer duidelik gestel as die fanatieke ateïs Richard Dawkins nie. In ŉ onderhoud met die Hudson Unie, ŉ gesprekvoeringsplatvorm in die VSA, stel Dawkins op 30 April 2016 dat Darwin se denke sy laaste geloofsoortuiging verwyder het, omdat dit die idee van intelligente ontwerp vir hom verwyder het. Dit staan dan duidelik dat Darwinisme op ateïsme kan uitloop.

## 5. ‘n Reaksie op die sosiale Darwinisme vanuit die Christelike tradisie

### 5.1. Christelik-dogmatiese kwessies

Indien die aanname gemaak word dat etiek ‘n toepassing van filosofie of dogma is, sal dit nodig wees om eers dogmatiese verskille uit te wys, alvorens etiese punte aangespreek word.

#### 5.1.1. Naturalisme teenoor die voorsienigheid van God

Dit is reeds genoem dat Darwin se teorie van natuurlike seleksie op vier punte berus. Die eerste en vierde punt is van toepassing op hierdie onderafdeling van die studie:

1 – Biologiese wette beheers die geheel van die organiese natuur, insluitend die mensdom.

4 – Die som van hierdie seleksie en die oorerflikheid kan oor tyd daartoe lei dat nuwe spesies verskyn, en huidige spesies uitsterf.

Lennox (2009: 65) wys daarop dat die ateïstiese siening dat die heelal planloos deur natuurwette geskep is, nie sin maak nie. Die natuurwette wat ons in die natuur ontdek, is nie skeppende wette nie, of sit nie self iets in beweging nie, maar dit sê wat geld vir iets wat geskep is of in beweging gesit is. Hy wys daarop dat selfs ŉ basiese wiskundige wet soos 1+1 = 2, het

nie en kan nie self iets laat ontstaan nie. Daarby bly dit ’n vraag waar hierdie wette sommer net vandaan gekom het as daar niemand was wat dit beplan en geskep het nie.

Die idee dat biologiese wette die geheel van die organiese natuur beheers, is in wese ’n vergoddeliking van die natuur en gaan teen die Christelike oortuiging van God se voorsienigheid in. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, ’n belydenis van die geloof van verskeie protestantse kerke, stel in artikel 13 die volgende:

> “Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie, maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder Sy beskikking gebeur nie.”

Hier kom ’n duidelike botsing met ’n Darwinistiese wêreldbeskouing na vore. Dit is nie blinde natuurwette nie, maar God wat in beheer van die wêreld staan. Natuurwette is ook skepsels, wat geskep is om materie en wat daarmee gepaardgaan moontlik te maak. Self kan dit niks skep of in beweging bring nie. God het natuurwette fyn ingestel om die wêreld moontlik te maak en te beheers.

Darwin meld egter (sien pt. 2.2.5.) dat dit vir hom problematies is dat natuurverskynsels aan God se hand toegeskryf kan word – wat duidelik stel dat die Darwinistiese en sosiale Darwinistiese wêreldbeskouings, nie ruimte laat vir die begrip dat God deur natuurwette beheer nie.

Die gevolgtrekking kan dus hier gemaak word dat Darwinisme in kontras staan met die Christelike leer van die voorsienigheid van God.

### 5.1.2. Ontwikkeling van die morele fakulteit

Dit is reeds vermeld dat moraliteit volgens Darwin ontwikkel het, en deel gebly het van die mensdom, omdat dit ’n gunstige variasie was wat ’n stam se kans op oorlewing verhoog het. ’n Stam vol braafheid, omgee en getrouheid sou dus ’n groter kans op oorlewing hê. Dit is egter ’n swak begronding van altruïstiese opoffering, en maak uiteindelik etiese beoordeling waardeloos.

Stoker (ongepubliseer)[17] beskryf die bron van altruïstiese opoffering, die Godgegewe gewete van die mens:

[17] Die gedeelte kom uit ’n hoofstuk in ’n boek wat in 2021 deur Lexington Books uitgegee word onder die titel *Morality wars.*

> "We call the source of his unselfish acts his conscience. Everyone has it, a fundamental sense of right and wrong that force us in the opposite direction and is really in opposition to the new atheistic view of morals as driven by a "selfish gene" or by "survival of the fittest". We know for example that self-sacrifice is regarded as more moral than selfishness, that courage is better than cowardice, even that love is superior to hate. […] It is clear that these feelings of guilt for not helping are not towards yourself, because through helping you actually harm yourself. These feelings are also not directed towards the injured, because he has actually no direct claim upon your time or risk and moreover, is perhaps the person who is victimizing the neighbourhood. The guilty feelings of the conscience that forced the narrator to do good against his will and advantage, implies a power beyond mere human beings."

Die Christelike posisie in terme van die ontwikkeling van die moraliteit by die mens verskil van hierdie Darwinistiese beskouing op verskeie vlakke. Hier word dan ook aangetoon dat dit wat die mens se gewete hom telkemale dwing om te doen juis in opposisie staan met hoe 'n selfsugtige geen, wat net op oorlewing ingestel was, sou optree. Die sosiale Darwinistiese beskouing van die ontwikkeling van die menslike moraliteit laat in hierdie geval meer vrae as antwoorde.

## 5.2. 'n Christelik-etiese reaksie op sosiale Darwinisme

### 5.2.1. Laissez-faire teenoor Christelike leierskap en welsyn

Soos vroeër aangedui, het Spencer aangevoer dat die staat nie liefdadigheid hoef te doen nie, en dat liefdadigheid oor die algemeen 'n negatiewe uitwerking op die samelewing het. Spencer pas Darwin se idees toe op die mensdom en glo dat bystand aan hulpbehoewendes, swakkelinge se gene behoue laat bly en dit oorgedra na volgende geslagte, wat uiteindelik negatief vir die ganse mensdom is.

Reglynig in opposisie hiermee bely Christene dat welsyn noodsaaklik is en dat 'n goeie leier of heerser hom oor die armes in sy gemeenskap of familie moet ontferm. Die Here het ons aangewese op mekaar gemaak – letterlik van geboorte tot by ons dood. Hieroor handel die Bybel breedvoerig, sowel in die Ou as in die Nuwe Testament.

In die Ou Testament word aangevoer (vgl. Deut. 15:7-8)

> "As daar in een van die dorpe in die land wat die Here jou God aan jou gee, 'n arme is, 'n mede-Israeliet, moet jy nie hard en suinig wees teenoor so 'n broer van jou wat arm is nie. Wees vrygewig teenoor hom en leen hom wat hy nodig het."

en verder ook (vgl. Jes. 58:10)

> "as jy jou wy aan die wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van die wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag."

Waar heelwat ander tekste die gedagte bevestig, maak die Ou Testament dit egter duidelik dat liefdadigheid en omgee as dade beskou is wat God se goedkeuring wegdra. Hierdie punt word in die woorde van God self bevestig (vgl. Eks. 22:21-22) as Hy vir die volk sê:

> "Jy mag nie 'n vreemdeling verdruk of laat swaarkry nie, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte. Jy mag geen weduwee of weeskind veronreg nie."

Ook in die Nuwe Testament word hierdie gedagtes bevestig en versterk, juis ook in die woorde van Jesus self. Hy stel duidelik (Mat 25:40):

> "Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers aan My gedoen het, het julle dit aan my gedoen."

Jesus wys armoede ook nie af as 'n teken van swakheid nie, maar kritiseer eerder rykdom as 'n gevaar (vgl. Mat 19:24)

> "Ek stel dit nog sterker: Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom."

Aan die hand van die Bybelse gegewens kom dit duidelik na vore dat liefdadigheid en genade teenoor hulle wat kwesbaar is, veral armes, weeskinders en weduwees, juis aangebied moet word. God laat alle mense kwesbaar in die wêreld kom, en gee aan ouers en ander mense die geleentheid om 'n kindjie liefde en omgee te leer in die wyse waarop daar versorg en vertroetel word. Laissez-faire kapitalisme, soos wat Spencer dit verstaan en voorhou (pt. 3.2.1), is in teenstand met God se wil vir die mens en die mensdom.

Die Christelike welsyn word ook in die belydenisskrifte duidelik gemaak, deur die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 107 (Ursinus & Olevianus, 2003: 65) wat duidelik stel dat elke mens teenoor sy medemens "geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik" moet wees.

Spencer se idee van Laissez-faire kapitalisme moet ook teenoor die bron van rykdom gestel word. Die Christelike wêreldbeskouing hou vol dat alles vanuit God se hand kom (vgl. Mat

6:33,34), en dat Hy weet wat die mens benodig. Ten einde enige welsyn en hulp aan armes te ontken, sou Spencer, en sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing, moes aanvoer dat rykdom nie uit die hand van God kom nie, dat God nie voorsien nie en dat elke mens net teenoor homself verantwoordelik is. Die Christelike wêreldbeskouing kritiseer hierdie selfsug en individualisme direk (vgl. 1 Kor. 12) deur te stel dat mense deel van een liggaam vorm, en deel in mekaar se pyn en vreugde (vgl. 1 Joh. 1:4).

Die Christelike wêreldbeskouing wys Laissez-faire kapitalisme, soos wat Spencer dit verstaan en wil toepas, dus op ten minste drie gronde uit as teenstrydig tot God se wil.

### 5.2.2. Waarde van lewe

Veral Spencer, maar ook Bagehot en Sumner (pt. 3.2) se uitsprake maak dit duidelik dat daar by sosiale Darwinisme 'n verskillende kwantitatiewe waarde aan afsonderlike mense se lewens geheg behoort te word. Die gedagte van Spencer dat "elke individu gelaat sal word om die effek van sy eie natuur en optrede te ervaar, [wat] daartoe lei dat die swakkelinge vinnig verwyder word" toon hierdie beskouing. Alle menslike lewe dra nie eweveel waarde vir hierdie prominente sosiale Darwiniste nie, wat korreleer met die gedagte dat alle mense konstant in kompetisie is, m.a.w. dat daar wenners en verloorders is, en dat dit reg so is.

In teenstelling hiermee beskou die Christelike geloof die mens as verteenwoordiger van God op aarde wat 'n bepaalde rol het wat vervul moet word, en wat nie sonder meer uitgewis kan word nie. De Bruyn (2013: 164) stel op grond van die sesde gebod van die Wet van God, dat hy wat die mens doodmaak die beeld van God skend, en die mens "verhinder om sy taak as verteenwoordiger van God uit te voer". Teenoor sosiale Darwinisme beklemtoon Christene dat elke lewe 'n bepaalde waarde dra, en 'n bepaalde roeping het om te vervul.

Dit kan aangevoer word dat Spencer dus nie noodwendig die aktiewe dood van maatskaplik kwesbare mense aanvoer nie, maar dat hy eerder passief wil staan en nie wil toetree om hulle lewens te red nie. Die Christelike wêreldbeskouing staan ook direk teenoor hierdie opsetlike passiwiteit. De Bruyn stel (2013: 163) dat die sesde gebod[18] juis impliseer dat die lewe van die mens so goed "as enigsins moontlik" beskerm moet word.

---

[18] "Jy mag nie doodslaan nie" (1953-vertaling)

Hier maak die Christelike etiek die sosiale Darwinistiese kwantifisering van menslike lewens duidelik af as ’n etiese uitvloeisel wat direk in teenstryd met die Bybel is, en teen die Christene se wêreldbeskouing ingaan.

### 5.2.3. Kolonialisme

Kolonialisme wat hier bedoel word, is nie net die oorneem van grond en hulpbronne deur ’n sterker nasie van ’n swakker nasie af nie. Die kolonialisme van veral die Fransman Ferry, wat in hierdie studie aangedui is, neem aan dat daar ’n plig is om die agterlike mens op te voed, en om die kultuur van daardie “agterlike” beskawing noodwendig te verander of te vervang.

Hier word die een mens nie as gelowig en die ander as ongelowig beskou nie, maar die een mens as waardig en verhewe, terwyl die ander as swak en agterlik beskou word. Hierdie beskouing dat een mens belangriker of beter is, vind duidelike teenkanting in die Woord van God (sien Gal. 3:18).

Dit moet ten eerste duidelik wees dat alle mense as gevolg van hul sonde onwaardig is en die dood verdien. Die Heidelbergse Kategismus (Ursinus & Olevianus, 2003: 35) stel duidelik in vraag en antwoord 7: “Daar (in die paradys) het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word”. Die apostel Paulus bely ook in Romeine 7:19: “Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.” Vir een nasie of volk om homself dus inherent as beter te beskou, soos in Ferry se toespraak duidelik word, sou vergeet dat alle mense ewe verdorwe is en die dood eweveel verdien.

Tweedens is dit egter noodsaaklik om te besef dat die Christelike wêreldbeskouing ook aanvoer dat daar juis genade is vir alle gelowiges, wat “deur ’n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem”, soos Sondag 7, vraag en antwoord 20 van die Heidelbergse Kategismus dit stel (Ursinus & Olevianus, 2003: 38).

As alle mense dus gelyk is in hul verdorwenheid, en alle mense ewe afhanklik is van verlossing, sou dit teen die Christelike wêreldbeskouing indruis om een volk as inherent beter of verhewe te beskou, soos in die geval van Ferry se idee van kolonialisme sigbaar was.

### 5.2.4. Mag is reg (“*Might is right”*).

Die gedagte dat die bron van reg en geregtigheid inherent in mag gesetel is, word saamgevat met *Mag is reg*. Die sterke se opinie word as reg aanvaar, omdat die sterke dit afdwing, of omdat niemand dit durf bevraagteken nie.

Soos wat die aanvanklike boek *Might Is Right* tereg van homself uitwys (Redbeard, 1896: 10), staan die leer van God direk hiermee in teenstand. Christus beklemtoon dat die koninkryk van die hemele juis aan armes van gees behoort (vgl. Mat 5:3). Om te treur, swaar te kry, sagmoedig te wees, en vrede in plaas van oorlog te soek, word alles binne die Christelike dogma as goed beskou – wat direk teenoor die beskouing van *Mag is reg* staan.

Stoker (2000: 8) voer aan dat menslike gesag nooit absoluut kan wees nie, omdat die mens onder die wetsorde van God staan. Die mens se aardse mag gee dus nooit aan hom of haar absolute mag nie. Die vraag wat dan aan die orde kom, is die bron van die mens se mag. Die Christelike wêreldbeskouing hou vol dat alle mag inderdaad van God af kom, met Romeine 13:1 wat duidelik stel: "Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God." Alle aardse leiers, ook ampsdraers en lede van die politieke elite, is aan God verantwoordbaar vir die mag waaroor hulle beskik. Die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 36 stel ook duidelik: "Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het." Mag kan dus aan geen heerser absolute reg gee nie, juis omdat alle mag van God afkomstig is en deur Hom, gefokus op 'n spesifieke uitkoms, beperk word. Stoker (2015: 11) stel dat God oppergesag oor alles in die hemel en op aarde het, wat noodwendig beteken dat alle menslike gesag nie oorspronklik of oppermagtig is nie, maar afgeleide mag. Die beskouing dat geen mens aan hom- of haarself mag gegee het nie, maar dat dit afgelei word en van God gegee is, gaan direk in teen die beskouing van mag as reg.

#### 5.2.5. Ateïsme.

Waar ateïsme 'n dogma behels wat die bestaan van God ontken, het dit ook 'n belangrike etiese aspek, omdat dit die erkenning van God se wet en bevele ontken, wat uiteindelik in die selfsugtige optrede van die mens sigbaar word.

Ateïsme gaan in teen die wil van God juis omdat God verlang om met die mens in verhouding te leef, want God het die mens lief, soos wat in Johannes 3:16 uitgestip word. Verder gaan ateïsme teen die wil van God in juis omdat hulle volgens eie diskresie in God se wêreld wil leef en nie sy wette wil erken nie. Eksodus 15:26 stel – God verlang dat daar op sy Stem, en dus sy Wet, ag geslaan moet word.

Stoker (2015: 12) toon aan dat die ateïsme, wanneer dit in die lig van die naturalisme gesien word, soos in die geval van sosiale Darwinisme, die gevolg sal hê dat die mens bloot

oorgelewer sal wees aan sy "biologiese funksionering wat deur sy oorlewingsdrang en selfsugtige gene gedwing en determineer word." Dit maak dus nie vry nie, maar verslaaf.

Die wyse waarop die samelewing werk, is gebaseer op die konsep dat daar bepaald korrekte en onaanvaarbare optrede is, wat op grond van God se ontiese bedoeling in menslike wette geponeer word. Indien die mens oorgelewer was om volgens sy eie drange te leef, sou moord eerder as kompetisie tussen organismes gesien word, en hongerte as die gevolg van ’n genetiese swakheid en onvermoë om voedsel in die hande te kry. Dit is juis die Christelike wêreldbeskouing met sy gebooie en predikasies wat moraliteit begrond, sodat daar in ’n samelewing orde kan geskied.

## 6. Gevolgtrekking by Afdeling B: Sosiale Darwinisme wil gewetens sus

Die verskillende aspekte van sosiale Darwinisme soos wat dit in hierdie artikel aangetoon is, bied deur die geskiedenis en vandag steeds aan maghebbers ’n manier om hulle skuldige gewetens te sus en motivering te hê om hulle mag te misbruik om te doen wat hulle sondige harte begeer. Al is die maghebber nie eens bewus van die bestaan van sosiale Darwinisme as vakgebied nie, kan die regverdiging van sondige optrede dikwels juis die vorm van selfverheffing aanneem, wat sosiale Darwinisme naboots. Aangesien die sondige mens nog steeds ’n morele wese is en steeds oor ’n gewete beskik wat druk op hom of haar uitoefen om goed te doen, moet op die gewetens van hierdie mense ingespeel word om die kwaad te bestry en die goeie te herstel. Omdat die gewete juis deur God gegee is om ’n mens voor sy of haar eie valsheid en misbruike te daag, is dit nodig dat gewetens wakker gemaak word. Volgende afdelings sal eers alternatiewe uitvloeisels van sosiale Darwinisme aantoon, en dan ‘n veroordeling vanuit die Christelike etiek as afdeling van Teologiese etiek uiteensit.

# AFDELING C: Alternatiewe uitvloeisels van sosiale Darwinisme, met reaksies vanuit die Christelik-etiese tradisie.

## 1. Inleiding en motivering

Hoewel die twee artikels die inhoud van hierdie navorsing bevat, blyk dit tog nodig te wees om ’n stuk daar te stel wat tussen die twee artikels geplaas word, wat fokus op aspekte wat nie in die artikels uitgewerk kon word nie, naamlik alternatiewe uitvloeisels van sosiale Darwinisme en reaksies daarop.

Siende dat hierdie studie ten diepste op immorele leierskap fokus, en korrupsie as fokusarea dien, maak dit sin dat ekonomiese uitvloeisels van sosiale Darwinisme voorkeur geniet. Sosiale Darwinisme het egter verskeie alternatiewe uitvloeisels, wat hier uitgewys word. Na afloop van ’n uitbreiding oor hierdie alternatiewe uitvloeisels word beoordelings vanuit die Christen-etiek aangedui. Hierdie uitvloeisels en kritiek is oorsigtelik, juis omdat dit tot die breedte van die studie wil bydra, sonder om noodwendig nuwe dieptepunte te bereik.

## 2. Alternatiewe uitvloeisels van sosiale Darwinisme

### 2.1. Eugenetika

Francis Galton, ’n neef van Charles Darwin, skryf in 1865 ’n stuk met die titel, *Hereditary talent and Character* en voer aan dat intellektuele, morele en persoonlike eienskappe van een geslag na ’n volgende geslag oorgedra word. Hy glo dat persone wat talentvol is weens genetiese oordrag suksesvol sal wees ondanks hul agtergronde, terwyl hulle sonder hierdie talent sal misluk, ondanks goeie huise of verbindings. In afdeling B twee is daar vlugtig melding gemaak van Francis Galton, die neef van Darwin, se toepassing van Darwin se teorie. Siende dat hierdie studie op die ekonomiese uitvloeisels van sosiale Darwinisme fokus, is daar nie in Afdeling B breedvoerig hieroor gehandel nie. Dit is egter nodig om hierdie vertakking in meer diepte te verduidelik. Galton glo dat lui, onkundige en roekelose mense vinniger aanteel, en dit kan, volgens Francis Galton, tot ’n ramp lei. Galton word as die vader van eugenetika beskou – die wetenskaplike veld wat ’n beter samelewing daar wil stel deur die voortplanting van mense te reguleer ten einde die nasate se genetika te manipuleer.

Daar is nie ooreenkoms oor presies wat sosiale Darwinisme is nie, alhoewel beide strome wat vroeër bespreek is as sosiale Darwinisme uitgedruk word; ook in kontemporêre denke. Die ooreenkoms tussen die twee strome is dat beide strome organismes van dieselfde spesie in

verskillende klasse wil sit. Waar eugenetika ’n beter mens wil kweek deur goeie en slegte eienskappe te sorteer, wil Laissez-faire ekonomiese beleide ’n beter samelewing kweek deur verskillende klasse aan die hand van ekonomiese vermoë te sorteer. As sosiale Darwinisme dus as wêreldbeskouing tipeer word, sal die sosiale Darwinis die mensdom as ’n spesie bestaande uit verskillende klasse beskou, waarvan nie almal ewe veel meriete dra om te oorleef en voort te plant nie.

Daar is dus ’n ooreenkoms tussen die twee velde by die klassifisering van verskillende mense in verskillende groepe. Een mens kan volgens sosiale Darwinisme inherent ’n groter waarde dra as ’n ander mens.

Eugenetika kom van die Griekse woord wat beteken “goeie teelkuns”, en kan in ’n positiewe lig daarna verwys dat goeie gene aangemoedig word om voort te plant, en dat swak gene se vordering vertraag of gestop word.

Sosiale Darwinisme het die denke agter eugenetika gevorm, soos wat Galton ook aangedui het in sy boek *Inquiries into Human Faculty and Its Development,* wat in 1883 verskyn het. (1883:129)

> “Dit is die voorreg van hierdie generasie om vars navorsingsvelde uitgewys te kry deur Darwin, en om ’n nuwe intellektuele geboorte te kon ondergaan onder die inspirasie van sy vrugbare wysheid.”

Dit staan dus ontwyfelbaar dat eugenetika en die idee van goeie teelkuns onder mense ’n oorsprong in die denke van Darwin het. Die toepassing daarvan op die mensdom in geheel maak eugenetika ’n onvermydelike etiese uitloper van sosiale Darwinisme.

### 2.2. Anargisme

Die Russiese skrywer Pyotr Kropotkin stel in sy boek, *Modern Science and Anarchism* (1912) voor dat sosiale Darwinisme ’n onderskrywing van anargisme kan wees. Kropotkin verwys 17 keer in sy boek van 93 bladsye na Darwin, wat reeds toon dat Darwin ’n sterk invloed op sy denke gehad het. Dit word duidelik dat anargisme vir Kropotkin ’n volgende stap sou wees in die mens se ontwikkeling, danksy denkers soos Darwin se werk. Hy stel (1912: 95):

> “Anargisme is die onvermydelike resultaat van die intellektuele beweging in die natuurwetenskappe wat aan die einde van die agtiende eeu begin het [...]. Alhoewel die oorsprong hiervan (anargisme) in die agtiende eeu te vinde is, is die basis nie volledig

> daargestel tot na die herlewing van die wetenskap wat in die negentiende eeu plaasgevind het nie."[19]

Dit is reeds vermeld dat sosiale Darwinisme hom plooi om as wêreldbeskouing aangewend te word ten gunste van baie verskillende ideologieë. Kropotkin se teorie en die meriete daarvan is nie die oogmerk van hierdie studie nie, maar die kousaliteit daarvan bied genoegsame motivering om dit as aanvaarbare uitvloeisel van sosiale Darwinisme te meld.

Hier word die denke van die tyd duidelik gemaak. Daar is ’n beter en ’n swakker ras – woordeskat van sosiale Darwinisme, en die beter ras het sekere regte oor die swakker ras.

## 3. Reaksies op die uitvloeisels van sosiale Darwinisme vanuit die Christelik-etiese tradisie

### 3.1. Sistemiese rassisme en eugenetika vs. Christelike erfsonde en verdoemenis

Eugenetika en die beoefening daarvan is geskoei op die beginsel dat sekere rasse inherent beter is as ander rasse, en dat die kentekens of eienskappe van daardie rasse verhewe is bo dié van ander rassegroepe.

Dit is die oortuiging van die Christelike geloof dat geen mens op sy eie goed of regverdig is nie. Om dus te argumenteer dat een mens, of een groep beter of meer geskik is om voort te bestaan, staan reglynig teenoor die Bybel, en die Christelike oortuiging dat "niemand regverdig is nie, selfs nie een nie." (Rom3:10) Boonop, wat van die liefdesgebod? En, volgens watter maatstawwe toets jy wat is beter of meer geskik, ens.?

Die eugenetika, en die viering van die oppervlakkige kenmerke van die mens, sou dus ook indruis teen die Christelike beskouing van die mens. Die beskouing dat sommige rasse beter is as ander sou ook aangespreek word deur die behandeling van kolonialisme, wat in afdeling B hanteer is (pt. 5.2.3.).

### 3.2. Anargisme

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, ’n belydenis van die Christelike geloof, stel in artikel 36 dat "God, as gevolg van die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede

---

[19] Anarchism is the inevitable result of the intellectual movement in natural sciences which began towards the end of the eighteenth century, and, after having been retarded by the triumph of reaction in Europe after the defeat of the French Revolution, flourished anew in all its might sixty years later.

aangestel het.” Hier word gestel dat dit God se wil is dat die wêreld deur wette en regerings bestuur moet word. Anargisme, wat as ’n regverdige uitvloeisel van sosiale Darwinisme aangebied kan word, staan reglynig teen God se wil vir die mens en vir die regering van sy Skepping. Die Christen bely wel dat alle gesag van God af kom, en dat hy wat hom verset teen gesag, hom verset teen “die ordening van God”, aldus Romeine 13:2. Die gedagte van ’n samelewing sonder enige vorm van menslike gesag vind nie begronding in die Bybel nie, maar duidelik slegs teenstand.

## 4. Samevatting

Alhoewel hierdie studie oorhoofs op die ekonomiese toepassing van sosiale Darwinisme fokus, het hierdie afdeling die diversiteit van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing aangetoon.

## AFDELING D: TWEEDE ARTIKEL

# Immorele leierskap onder politici in Suid-Afrika as uitvloeisel van 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing: 'n Christelik-etiese beoordeling.


**Abstrak**

Die Christelike etiek is 'n etiese tradisie met 'n lang en ryk geskiedenis. Vir Christene bied die Bybel as Woord van God riglyne waarvolgens gehandel moet word, asook 'n maatstaf waarvolgens immorele optrede uitgewys en aangespreek kan word. Hierdie artikel wil die ontwikkeling van die Christelike etiek in hooftrekke aantoon, waarna hierdie stelsel van Christelike etiek as maatstaf aangewend word om 'n sosiaal-Darwinistiese wêreldbeskouing onder immorele politici in Suid-Afrika na te speur. Deur na drie spesifieke voorbeelde van immorele leierskap te kyk, word die kenmerke van sosiale Darwinisme in die optrede van hierdie bepaalde politici aangetoon, waarna 'n beoordeling aan die hand van die Christelike etiek uitgevoer word.



**Abstract**

Christian ethics is an ethical tradition with a long and celebrated history. For Christians, the Bible as Word of God offers rules according to which a Christian must live his or her life. These rules and principles give the Christian a measuring tool that can be used to point out and address immoral behaviour. This article attempts to follow the development path of Christian ethics, after which this system of ethics is used deductively as an instrument to detect a social Darwinist worldview among immoral South African politicians. By focussing on three examples of immoral leadership, markers of social Darwinism are indicated in the behaviour of the determined politicians, after which an adjudication is made at the hand of Christian ethics.

## 1. Inleiding:

Terwyl biologiese Darwinisme amper twee eeue na die publikasie van Darwin se *Origin of the species* steeds bekend en selfs gewild is, is sosiale Darwinisme as term vandag minder algemeen. Tog is die impak van sosiale Darwinisme met al die gevolge daarvan steeds sigbaar in die 21ste eeu en het dit wat daardeur vergestalt word 'n groot (en wat genoem kan word immorele) invloed, onder andere in die neerslag van kommunisme en onbybelse leierskap (sien hfst. 2, pt. 6). In hierdie artikel word sosiale Darwinisme aangewend as paradigma van kritiek, deels omdat dit steeds relevant is, en deels omdat dit die beste beskrywer van 'n pertinente en invloedryke, maar destruktiewe denkwyse is. Daarby is die reeks onetiese uitvloeisels van sosiale Darwinisme direk strydig met die leer van die Bybel as gesaghebbende bron vir Christene – die groepering waarvan 80% van die Suid-Afrikaanse bevolking hulle deel ag. Alhoewel geen vrae oor geloof by die 2011-sensus ingesluit is nie, het 79,8% van Suid-Afrikaners hulself in 2001 met Christenskap geïdentifiseer (Van Niekerk, 2012: 12).

Die doel van hierdie artikel is om sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing te vergelyk met besluite en optrede van bepaalde Suid-Afrikaanse maghebbers. Hier sal ondersoek word of Suid-Afrikaners in kontemporêre posisies van politieke mag elemente of trekke van sosiale Darwinisme in hulle optrede vertoon. Daar sal veral getoets word of mag en reg met mekaar gelykgestel word, en of die toedeling van kapitale hulp só gedoen word dat dit tot die nadeel van persone of klasse geskied wat as ondergeskik deur lede van die politieke elite beskou word. Die doel is om na te gaan of die heersersklas van vandag in Suid-Afrika, homself inherent as verhewe beskou, wat tot onetiese optrede en magsmisbruik aanleiding gee. Hierdie gedrag sal dan vanuit die Christelike etiek beoordeel word, en korrektiewe maatreëls sal aanbeveel word.

## 2. Identifisering van sosiale Darwinisme aan die hand van etiese uitvloeisels.

Die invloed van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing kan nie fisies gemeet word nie, maar moet vasgestel word op grond van leiers se woorde en optrede. Ten einde sosiale Darwinisme by leiers te identifiseer, is dit nodig om die uitvloeisels daarvan vas te stel. Siende dat die Christelike etiek, en veral die toepassing in die gereformeerde tradisie, teenoor hierdie sosiale Darwinisme gestel gaan word, sal dit ook nodig wees om die ontwikkeling en daarstelling van Christelike etiek in die gereformeerde tradisie aan te toon.

## 2.1. Sosiale Darwinisme, Etiek en Christelike Etiek

### 2.1.1. Sosiale Darwinisme

Mogilski (2016:1) definieer sosiale Darwinisme in kort as: "Die toepassing van Darwinse biologiese en evolusionêre beginsels op menslike sosiale teorie."[20]

### 2.1.2. Etiek

Etiek het sy oorsprong in die Griekse term "*ethos*" (ἦθος) – wat vertaal kan word met karakter of gebruik, en dikwels eenvoudig verstaan kan word as maniere (Liddle & Scott 1972:349). Geisler (2010:15) definieer etiek eenvoudig as volg: "Etiek werk met dit wat moreel reg en verkeerd is." Hiervolgens het Etiek te make met optrede, en die beoordeling van hierdie optrede aan die hand van 'n daargestelde maatstaf, ten einde te bepaal of hierdie optrede binne die ethos pas, al dan nie. Hoewel daar duidelike ooreenkomste is, kan dit ook van plek tot plek en groep tot groep verskil (de Bruyn, 2008:2)

### 2.1.3. Christelike etiek

Geisler (2010:15) noem Christelike etiek dit wat uit God se heilige voorskrifte aan mense voortspruit. Hierdie etiese imperatiewe is volgens God se onveranderlike morele karakter. God se wil bepaal dus volgens sy eie morele eienskappe wat reg en wat verkeerd is. Levitikus 11:44 waar God duidelik stel "[W]ees heilig, want Ek is heilig" maak hierdie punt duidelik. Jesus Christus versterk hierdie morele imperatief in Matteus 5:48 wanneer Hy sê: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is". As vereenvoudigde definisie stel Geisler dat Christelike etiek dus handel oor dít wat volgens Christene moreel reg en verkeerd is.

#### 2.1.3.1. Verskillende etiese tradisies

Volgens Blackwell (2017:64) kom daar drie prominente tradisies van etiese uiteensettings in die Weste voor:

**Filosofiese etiek:** Alhoewel daar ook in Verligtingsfilosofie met etiek omgegaan word, sien Blackwell filosofiese etiek noodwendig as die etiek van die antieke Grieke, veral Plato en Aristoteles (2017:64). Hierdie denkers het hul opgehou met groot vrae, en het

[20] Hierdie definisie word verder uitgebrei en gekwalifiseer by die ontleding van etiese uitvloeisels, wat by 2.2 aangebied word.

uiteindelik gepoog om te bepaal hoe die lewe geleef behoort te word ten einde 'n goeie lewe te wees. Beide Plato en Aristoteles het lyste van deugde opgestel wat volgens hulle nagestreef behoort te word om so 'n goeie lewe te lei – 'n aktiwiteit wat aan die deugde-etiek as etiese veld geboorte sou gee.

**Teologiese etiek:** Hier word verwys na die norme en waardes wat deur 'n bepaalde geloofstradisie voorgeskryf word. Hier kan Joodse-, Islamitiese-, Hindoeïstiese-, Boeddhistiese-, en verskeie ander etiese tradisies ingesluit word, aldus Wells et al (2017:76). Die Christelike etiek, waarop hierdie studie berus, het ook sy oorsprong in hierdie tradisie.

**Beroepsetiek:** In die moderne era word etiek dikwels wyer gedefinieer om die reeks verskillende etiese basisse wat ontwikkel het, aan te spreek om 'n universele etiek vir mense in 'n sekulariserende wêreld daar te stel. Hierdie veld van etiek sluit besigheidsetiek, wetenskapsetiek en mediese etiek in (Wells et.al 2017:86). Vir Christene is hulle beroepsetiek steeds gefundeer in Christelike etiese begronding.

Die fokus in hierdie studie val op teologiese etiek.

#### 2.1.3.2. Historiese ontwikkeling

Die Christelike etiek, wat handel oor dit wat reg en verkeerd, behoorlik en immoreel volgens die Christelike tradisie is, en wat volgens Christene direk afgelei moet word van God se wil vir mense op aarde, trek sy oorsprong terug na die skepping van die mens in Genesis 1. Vandaar het dit oor die eeue ontwikkel en selfs in kleiner strome verdeel.

Hierdie studie wil Christelike etiek as maatstaf gebruik om sosiale Darwinisme te meet, wat dit noodsaaklik maak om eers die fondamente van Christelike etiek aan te toon. Die doel is om die gesag en historiese waarde van Christelike etiek aan te toon – veral soos dit in die Calvinistiese groepering uitgebou is en hierdie stroom van etiek se gesag as maatstaf daar te stel. Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar slegs by vyf punte van ontwikkeling stilgestaan word waar Christelike etiek in die Calvinistiese tradisie laat ontwikkel het tot wat dit vandag is, naamlik die woorde van die Here Jesus Christus en die denke van Augustinus van Hippo Regius, van Thomas van Aquino, Martin Luther, en Johannes Calvyn. Siende dat belydenisskrifte van kerke in hierdie Calvinisties-gereformeerde tradisie aangewend word by die kritiek op sosiale Darwinisme, word hierdie vyf ontwikkelingsmomente uitgesonder.

### i. Die woorde van Jesus Christus

In die Christelike etiek is die woorde van Jesus Christus self die hoogste onderwysing vir die Christen, siende dat die Christen glo dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is (Mat 28:18). As God en Verlosser, as Christus, as die Hoof van die kerk, volg sy Christen-volgelinge sy gebooie wat pertinent ook teruggryp na hoe God oorspronklik die mensdom geskep en bedoel het (vgl. Mat. 19). Voorbeelde van hoe die Here self die nakoming van sy wil beskryf is:

> Matteus 7:24 – *Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.*
>
> Johannes 8:47 – *Die wat uit God is, luister na die woorde van God*.
>
> Johannes15:10 – *As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.*

Die bevel kom dus duidelik uit die woorde van Jesus Christus dat sy wil nagestreef moet word, en sy woorde onderhou moet word. Die Heidelbergse Kategismus, 'n belydenisskrif wat in 1562 in die tyd van die protestantse reformasie opgestel is, weerspieël dit in vraag en antwoord 86 (Ursinus & Olevianus, 1987:550):

> *Vraag: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?*
>
> *Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.*

Dit is hier duidelik dat die optrede van die Christen volgens die wil van God, volgens die woorde van Jesus Christus moet geskied, ten eerste uit dankbaarheid, ten tweede vir eie geloofsekerheid, en derdens om daardeur ook die naaste vir Christus te kan wen – 'n duidelike begronding van die Christelike etiek in die woorde van Jesus Christus.

### ii. Augustinus van Hippo Regius

Augustinus van Hippo Regius (354-430 n.C.), dikwels net bekend as Augustinus, word beskou as een van die grootste Christelike denkers (Wells et.al, 2017:94). Sy begrip van onder andere die aard van die sonde, seks as skepping van God, oorlog ten einde vrede te bewerk, en die aard van die hemel, het die fondasie gelê vir die verdere uitbou van Christelike etiek.

### iii. Thomas van Aquino

Thomas van Aquino, of Thomas Aquinas (1225-1274), was ŉ invloedryke Christen-denker. Sy skeiding van heilige wette en natuurlike wette bied ŉ begronding vir baie kontemporêre Christelike denke. Boone (2017:127) stel dat Aquinas se waardevolste bydrae tot die etiek sy onderskeid tussen die heilige en natuurlike wette was – ŉ onderskeid wat die mens se rol binêr verklaar in terme van wat hy kon verander, en wat hy nie kon verander nie. Aquinas het ŉ belangrike rol gespeel in etiese beoordeling met sy sleutel van doelmatigheid, waarvolgens iets beoordeel kan word op grond van die effektiwiteit waarop daardie ding sy doel vervul. Hy beskryf die doel van die mens as om oor God na te dink, en God se wil te doen.

### iv. Martin Luther

Die vyf-en-negentig stellings van Martin Luther, wat hy in 1517 bekendgemaak het, is van groot belang in die verdere ontwikkeling van Christelike etiek, juis ook omdat dit gesien word as die katalisator vir die protestantisme. Die hart van Luther se verstaan van die Skrif oor verlossing was dat die mens alleen deur geloof gered sal word en nie deur enige bydrae deur homself, en dus deur sy morele optrede nie. Hierdie gedagte word vandag nog as *Sola Fide* deur kerke in die protestantse tradisie bewaar, soos Kuiper aandui (1964:158).

Die implikasie van Luther se werk is dat die kerk weereens beklemtoon dat goeie dade nie gedoen word omdat dit redding sal bring nie, maar uit dankbaarheid teenoor God. Luther bring ŉ skuif in die Christelike etiek, terug na die verstaan dat God se bevele (imperatief), gebou word op die indikatief, waar God eerste optree en die mens daarop juis ook eties reageer in dankbaarheid (Wells et.al. 2017:99). Immorele leierskap sou noodwendig optrede wees wat nie in diepe dankbaarheid teenoor God geskied – dienende leierskap – nie, maar selfgerigte leierskap.

### v. Johannes Calvyn

Haas (2004:34) glo dat die begronding van Johannes Calvyn se verdere ontwikkeling van Christelike etiek, in sy beskouing van die skepping gesetel is. Calvyn (1509-1564) wat as een van die invloedrykste hervormers beskou word, het in sy verstaan van die doel van alles en dit wat daarvolgens behoort, uitgegaan dat God met die skepping nie net dinge tot stand gebring het nie, maar dat Hy dit ook spesifiek georden het.

Terwyl God die mens goed geskape het, het die sonde die grootse val in terme van die mens se etiek gebring. Dit bring Calvyn by die oortuiging dat die denke, die wil en die passies van die mens nie meer uit sy eie in staat is om die wil van God te doen nie. Die sonde neem wel nie weg dat ŉ mens onderhewig is aan die orde wat God daargestel het en steeds ŉ morele bewussyn het nie – al word dit onderdruk.

In sy kommentaar op Romeine 2:15 skryf Calvyn (2008:73):

> Vervolgens moet hieruit nie afgelei word dat daar by mense ŉ volledige kennis van die wet bestaan nie, maar dat daar slegs sekere sade van geregtigheid in hul wesensaard ingeplant is.

Hierdie "sade van geregtigheid" is ŉ belangrike konsep by Calvyn, omdat dit die mens se onderhewigheid aan ŉ orde wat deur God daargestel is uitstip. Immorele leierskap sou dan juis hierdie onderhewigheid oortree.

Die sonde maak die mens so korrup dat die mens morele waarheid nie kan ken of kies nie, daarom is dit nodig vir God om die hart van die mens te verander, en vir die Heilige Gees om deurlopend leiding vir die mens te gee. In sy kommentaar op Romeine 7:17 skryf Calvyn (2008:179):

> Dit is ŉ getuienis van hoe hy in sy geestelike gevoelens verskil van sy vlees, want die gelowiges word met so ŉ groot vurigheid van die Gees gedryf om God te gehoorsaam dat hulle hul eie vlees verloën.

Christelike etiek vir Calvyn is daarom gehoorsaamheid aan God, onder streng leiding van die Heilige Gees, in bewustheid van eie verdorwenheid.

#### 2.1.3.3. Toepassing van Christelike etiek

Christelike etiek is in terme van die toepassing daarvan ten diepste deontologiese etiek. Die Griekse woord "deontos"[21] of "deon"[22] verwys meestal na iets wat bindend of verpligtend is, of wat uit plig gedoen word (Liddle &Scott 1972:179). Deontologiese etiek behels oorhoofs dat iets nie gedoen word aan die hand van die resultaat wat dit sal lewer nie, soos in die geval van die konsekwensialisme of utilitarisme, maar eerder dat die hart van die mens en die geaardheid waarmee ŉ saak aangepak word, geld.

Atkinson (1995:299) glo egter dat die term deontologies onvoldoende is in die beskrywing van Christelike etiek. Hy glo eerder dat Christelike etiek in die toepassing daarvan teleologies is, in die sin dat dit ŉ doel nastreef om gehoorsaam aan God te wees, wat groter is as die aardse

---

[21] δεοντος

[22] δεον

doele wat dikwels nagestreef word. Hierdie nastreef van ŉ doel maak nie van die Christelike etiek ŉ konsekwensialistiese etiek nie, omdat die gesindheid van die Christen juis deel van hierdie bo-aardse doel sal wees. Uiteindelik moet die mens besef dat God nie net na die uiterlike van die mens kyk nie (1 Sam. 16:9), maar die hart van die mens sien. Die Christelike etiek sal dus nooit net aan dade gemeet kan word, of aan die uitkomste van die dade nie, maar aan die onderliggende gesindheid. Immorele leierskap wat in die geval van korrupsie direk tot nadeel van die leier se volgers geskied, toon ŉ duidelike onderliggende gesindheid, en hier is juis ŉ ondersoek van die leier se wêreldbeskouing hoogs toepaslik.

#### 2.1.3.4. Maatstafstelling binne die Christelike etiek

Die normatiewe van Christelike etiek rus op die onveranderlike Woord van God, wat self onveranderlike en absolute maatstawwe stel. Die mens mag oor jare heen tot beter begrip van hierdie maatstawwe kom, en verlede menslike maatstawwe as foutief afwys, maar dan sal dit altyd as gevolg van die mens se tekortkomings wees, nooit omdat die aard of bevel van God verander het nie.

## 2.2 Etiese uitvloeisels van sosiale Darwinisme

Vroeër is aangetoon (hfst. 2, pt. 6) dat daar sewe etiese uitvloeisels van sosiale Darwinisme is, naamlik:

a) Oordrewe en absolutistiese Laissez-Faire Kapitalisme
b) Eugenetika
c) Kolonialisme as beheersing van swakker spesies
d) Anargisme wanneer mense gesag geheel verwerp
e) ŉ Veranderde moraliteit by die mens
f) ŉ Oortuiging dat mag gelyk is aan reg (“Might is right”).
g) Ateïsme by die individu

Vir hierdie studie val die klem op die punte van kolonialisme, mag as reg en ateïsme.

### 2.2.1. Kolonialisme

Alhoewel kolonialisme, soos wat dit van die 17de tot 20ste eeue beoefen is, veral deur Europese lande, hoofsaaklik in die 20ste eeu tot ŉ einde gekom het, is een van die kenmerke steeds relevant in die gesprek oor hoe ŉ regering homself sien – arrogansie.

ʼn Franse politikus, Jules Ferry,  het byvoorbeeld op 28 Maart 1884 ʼn in ʼn redevoering voor die Franse parlement, die volgende gesê, waarin sy arrogansie en houding van verhewenheid of superioriteit duidelik blyk (vertaling my eie):

> "Menere, ons moet harder en eerliker praat. Ons moet openlik stel dat die hoër rasse ʼn reg oor die laer rasse het. Ek herhaal, die sterker rasse het ʼn reg, want dit is hulle plig. Hulle het die plig om ondergeskikte rasse te beskaaf."

Alhoewel arrogansie nie noodwendig die uitvloeisel van ʼn sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing is nie, sal ʼn sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing noodwendig tot arrogansie lei, juis omdat mense in verskillende ordinale klasse geplaas word, soos wat die aanhaling van Ferry ook toon.

### 2.2.2. Mag is reg ("Might is right")

Mag behoort hier beskou te word as die vermoë om iets af te dwing, hetsy fisies, intellektueel, of andersins (Odendaal 1995:640). In sy onderskeid tussen mag en gesag stel Andrew Heywood (2013:5) dat mag die vermoë is om die gewenste uitkoms te bereik, terwyl gesag gesien kan word as legitieme mag. Stoker (2015) stel dit as volg:

> "Mag kan beskryf word as dit wat persone in staat stel om gesag uit te oefen. Gesag kom nie van die individu af nie, maar kom vanweë die taak en funksie wat individue moet verrig. Daarom het die individu nie meer die gesag as hy nie meer die funksie verrig nie. Verder vereis gesag dat daar ʼn spesifieke verhouding moet bestaan tussen die een wat gesag het en die een wat aan die gesag onderworpe is."

Dit sou dan volg dat wanneer daar na ʼn regering se etiek verwys word, hierdie onderskeid belangrik is. Die staatsamptenaar het sekere gesag en mag wat legitiem is tot op ʼn punt.

Dit gebeur egter soms dat regeringsamptenare hulle mag met so ʼn arrogansie uitoefen, dat die grense van hul gesag oortree word. In so ʼn geval word mag dan as ʼn reg beskou. Wat hier verskyn word dan deur Plato beskryf as ʼn kratokrasie, ʼn regering deur die sterkstes (Waterfield, 2008:133).

Die skakel tussen mag as reg en sosiale Darwinisme is getrek in ʼn boek wat in 1896 verskyn het uit die pen van ʼn outeur onder die skuilnaam Ragnar Redbeard met die titel "*Might is Right*". Die subopskrif gryp terug na die frase van Herbert Spencer "*Survival of the Fittest*".  So word die idee dat die sterkste behoort te regeer soos wat hy of sy goeddink, begrond in die idee van Charles Darwin, soos wat dit ook uitgebou is deur Herbert Spencer, Bagehot en Sumner. Die inhoud van die boek is nie hier ter sake nie, maar die band tussen "*Might is Right*" en sosiale Darwinisme word pertinent uitgewys (sien Afdeling B, Pt. 5.2.4 en Afdeling D, pt. 3.1).

Waar mag wat aan ŉ persoon gegee word vir daardie persoon ŉ legitimering word van immorele optrede, word die mag ŉ tipe van ŉ reg. Uitsprake soos "*Ek is reg omdat ek in hierdie posisie is*", wat reg losmaak van plig, en die agentskap van reg aan ŉ mens binne ŉ situasie selfsugtig wil toedien, kan as aanduiding van ŉ sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing gesien word.

### 2.2.3. Ateïsme

Heelparty mense het sedert die eerste verskyning van Charles Darwin se "*On the Origin of Species*" in 1859 na hierdie werk se denke verwys as die rede vir hul verlating van geloof. Thomas Huxley, ŉ wetenskaplike wat onder swaar invloed van Darwin was, ontwikkel juis die woord agnostisisme om sy eie oortuiging te beskryf, aldus Lightman (2002:271). Ook Richard Dawkins, die moderne ateïstiese denker, meld in 2016 dat Darwin se denke hom weggelei het van die idee van intelligente ontwerp (Dawkins, 2016).

Wanneer ŉ staat geloof as basis verlaat en ŉ basis van beginsels aanhang wat van geloof onafhanklik is, word die proses sekularisasie genoem. Spesifiek word die woord gebruik om na ŉ "ontkerking" te verwys (Odendaal 1995:905).

Sekularisasie, die aktiewe ontkerking van regerings, was in baie gevalle die nadraai van onder andere Darwin se teorieë op die samelewing, soos aangetoon deur die voorbeeld van Holyoake. George Holyoake skryf in 1851, nadat hy die term "secularism" vir die eerste keer gebruik, dat hy verwys na ŉ sosiale orde wat apart is van die geloof. Holyoake se idees het eers aan die einde van die 19de eeu populariteit bereik, in ŉ tyd toe Herbert Spencer die mees populêre filosoof in Europa was en die idees van sosiale Darwinisme wyd verspreid was.

Die punt wat hier gemaak word is dat die sekulêre staat nie meer ŉ morele basis het wat hom transendeer nie. Die vraag word dan gevra: Wat begrond die staat se mag?

## 3. Toepassing: ŉ Oorgang van sosiale Darwinisme na immoraliteit by regeringsamptenare.

Waar die etiese implikasies van sosiale Darwinisme in die konteks van amptenare aangetoon is, is dit nou nodig om aan te toon hoe sosiale Darwinisme spesifiek in die optrede van amptenare vergestalt sal word. Die doel hiervan is om ŉ maatstaf daar te stel wat gebruik kan word om ŉ sosiale Darwinistiese grondslag in die praktyk te identifiseer.

### 3.1. Mag as reg

Waar dit reeds aangetoon is hoe mag as reg ŉ uitvloeisel van sosiale Darwinisme kan wees, en hoe die denkwyse sy bron in die sosiale Darwinisme het, is dit hier van belang hoe mag as reg gesien kan word. Dit word nagegaan deur na primêre bronne te verwys, wat Plato se omskrywing van ŉ kratokrasie sal wees (sien pt. 2.2.2.), sowel as Redbeard se voorgeskrewe optrede by maghebbers.

Waar mag op ŉ illegitieme wyse behou word, maar nie teengegaan kan word nie juis omdat die maghebber te sterk is, sal ŉ kratokrasie sigbaar wees, in die eenvoudige Platoniese tradisie.

Waar die werk van die skrywer Ragnar Redbeard ter sprake kom, word sy eie woorde gebruik as aanwysers. Die skrywer voer aan (1896:10) dat "mag morele kodes maak, en dat mag dit breek" (eie vertaling). Waar die onderliggende begronding of fundering van ŉ morele kode mag is, kan hierdie wêreldbeskouing uitgewys word. Immoraliteit wat regverdig word deur na die agent van die immoraliteit se posisie as motivering te verwys, spreek van hierdie denkwyse en noodwendig van ŉ sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing.

### 3.2. Sentralisme as regeringsbeleid

Wanneer die sekulêre staat wegbeweeg van ŉ gelowige morele basis, is die logiese vraag wát die nuwe basis van moraliteit in optrede en wetgewing gaan word? ŉ Belangrike begronding wat John West aantoon (2017:119), is die kontemporêre tradisie van die Weste om wetenskap die basis van moraliteit en die instrument van regverdiging te maak.

ŉ Denker wat baie toegeneë was tot hierdie benadering was Karl Marx, die vader van Marxisme, Kommunisme, en Sosialisme. Marx, en sy kollega Friedrich Engels, was groot aanhangers van die werk van Charles Darwin en noem hom verskeie kere pertinent op die naam.

Beide Marx en Engels skryf dat Darwin se werk die "teleologie van natuurlike wetenskap" totaal vernietig, en die rasionele verduidelikings van die natuurlike wetenskap empiries bewys (West 2015:119). Die Marxistiese Sowjet-unie het utilitarisme as wêreldbeskouing aangegryp, wat beteken het dat die voordeel van sommiges ten koste van die nadeel van ander aanvaarbaar was. Die instrument van verdeling, wat bepaal wie se swaarkry aanvaarbaar is, is aan die hand van Darwinisme bepaal. West (2015:120) haal die Russiese geskiedkundige Nikolai Krementsov aan, waar hy noem dat Darwinisme vermeng geraak het met Marxisme teen die 1930's in die Sowjet-Unie.

West maak ŉ opmerking wat van kardinale belang is vir die verstaan van optrede van ANC lede[23], die regerende party in Suid-Afrika. Hy stel (2015:120):

> "In die sosialistiese weergawe van oorlewing van die mees geskikte, sal die lede van die proletariaat wat verenig en die kapitalistiese heersers omverwerp hulself as gevolg hiervan as die mees geskikte beskou." (vrye vertaling).

### 3.3. Arrogansie in leierskap

In 1 Samuel 2 lees ons hoe Eli se seuns daarop aandring om self te kan besluit om vooraf die beste deel van die offervleis vir hulle te neem, en nie by die voorskrifte te hou wat die omstandighede dikteer waaronder priesters ŉ deel van die vleis mag ontvang nie. Die arrogansie lê daarin dat die seuns van Eli hulle aanmatig om eers die beste dele te kies uit dit wat gelowiges bring om vir die Here te offer, voordat die oorblywende dele deur hulle geoffer word – en dit vat grond in hulle priesterwees en die mag wat daarmee gepaardgaan. ŉ Self-verhewe houding kom dikwels voor by leiers, en dit sou onredelik wees om te stel dat dit net as gevolg van ŉ sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing, of as gevolg van sosiale Darwinisme is dat daar hierdie arrogansie, of houding van verhewenheid by leiers gesien kan word. Mag gee geleentheid vir die sondige mens om arrogant en korrup te wees. Te veel mag sorg ongelukkig dikwels vir baie onreg.

Sosiale Darwinisme het aan die sondige mens ŉ rede kom gee om sy mag te misbruik en homself as verhewe bo die reg, wat vir ander geld, te stel én – soos Eli se seuns – die daargestelde reg of wet vir dít wat die maghebber wel mag ontvang, te verander. Woodrow Wilson, president van die Verenigde State van Amerika, lewer in 1912 ŉ toespraak waar hy die rigiditeit van die Amerikaanse Grondwet kritiseer (Wilson: 1913). Hy beroep hom op Darwin om te motiveer waarom evolusie van wette belangrik is:

> "Die probleem met die teorie (dat Grondwette onbuigsaam is soos Newton se wette), is dat ŉ regering nie ŉ masjien is nie, maar ŉ lewende ding. Dit val nie onder ŉ teorie van die heelal nie, maar onder ŉ teorie van organiese lewe. Dit moet rekenskap aan Darwin gee, nie aan Newton nie." (vrye vertaling)

Darwin se teorie van ewolusie word hier aangewend om te motiveer waarom wette eerder by politici moet aanpas, as politici by wette. Beide arrogansie van die teenswoordige leier, wat hom- of haarself bo die wette wat vir ander en ook vir maghebbers geld, verhef, asook die idee dat mag gelyk is aan reg, is by Wilson se denke te bespeur.

---

[23] African National Congress

### 3.4. Eie belang ten koste van die belang van die kwesbare

Terwyl liefde en opoffering vir ander in navolging van Christus aan die hart van Christelike etiek lê, is 'n noodwendige kenmerk van die sosiale Darwinistiese benadering dat die heersersklas sy eie belang soek eerder as om die kwesbare te help. Sosiale Darwinisme gee aan hierdie selfsugtige eienskap van sondige maghebbers 'n rede om hulleself te beskou as meer geskik om te oorleef, en motiveer waarom hulle geregtig is om beter te leef, en gepaardgaande meer geregtig op hulpbronne is. William Graham Sumner, een van die vaders van sosiale Darwinisme, skryf in 1883 in sy boek *What social classes owe to each other* dat die verhouding van mense tot grond, en noodwendig mense tot alle ander hulpbronne, kompetisie veroorsaak; kompetisie wat noodwendig deur die geskiktes gewen sal word (skryf Hofstadter, 1941:458, 'n biograaf van Sumner). Armes wat swaarkry is net 'n gevolg van die ewolusionistiese verloop van sake en nie boosheid van die bes aangepaste maghebbers nie. Soos Eli se seuns sal meeste immorele staatsamptenare nie so 'n deurdagte denkproses hê nie, maar hulle amp voorhou as dat dit aan hulle verskuldig is. Sulke amptenare maak nietemin die keuse om hulpbronne aan hulleself toe te deel, al het hulle reeds heelwat sodanige hulpbronne, terwyl hulle gelyktydig en opsetlik hulpbronne van armes te weerhou.

### 3.5. Gevolgtrekking by hierdie afdeling

Waar mag as reg beskou word, waar die regeringslui hulleself verhewe bo ander burgers beskou en waar regeringsamptenare wette buig om hulle te pas, sou die sondige misbruik van magsposisie met reg as tipies van 'n sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing gekategoriseer kan word. Sosiale Darwinisme is die stelsel wat histories aangewend is om aan hierdie selfgesentreerde gedragspatrone morele legitimiteit te gee.

## 4. Korrupsie en ander magsmisbruik in Suid-Afrika

'n Belangrike fokus van dié artikel is die mate waartoe 'n sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing begronding vir immorele leierskap onder politici in Suid-Afrika kan wees. Hierdie afdeling wil fokus en uitbrei op voorbeelde, wat 'n impak maak, van immorele optrede deur gesaghebbers in Suid-Afrika, asook hoe die betrokke maghebbers hulleself verdedig, waar so 'n verdediging gebied is, asook die etiese implikasies daarvan. Die fokus val aanvanklik op vermeende en

bewese korrupsie tydens die regeringstydperk van president Jacob Zuma, wat gestrek het van 2009 tot 2018, gevolg deur korrupsie tydens die Covid-19-pandemie.[24]

## 4.1. Voorbeelde van immorele leierskap in Suid-Afrika

### 4.1.1. Zuma-dinastie

Korrupsie onder staatsamptenare in Suid-Afrika het in die afgelope dekade sinoniem geraak met die naam van oudpresident Jacob Zuma. Veral Zuma en sy familie se bande met die berugte Gupta-familie, het wêreldwyd aandag getrek.

Jacques Pauw, bekende Suid-Afrikaanse joernalis, se boek *The President's Keepers* wat in 2017 opgang gemaak het, bevat 'n indiepte-studie van aanklagte en bewyse teen president Zuma en sy vertrouelinge. Pauw voer onder andere die volgende aan:

- Oudpresident Jacob Zuma het na alle waarskynlikheid R1 miljoen per maand by Roy Moodley ontvang (2017:335).
- Zuma se seun, Duduzane Zuma, wat onskuldig bevind is op aanklagte van strafbare manslag, nadat sy voertuig in 2014 'n minibus-taxi getref het en 'n vrou se lewe geëis het, se regskoste is na alle waarskynlikheid deur die Gupta-familie betaal (2017:335), asook Duduzane Zuma se water en ligte rekeninge.
- Oudpresident Jacob Zuma het 'n uitstaande belastingskuld van R63 881 503,00 danksy opgraderings aan sy luukse eiendom op Nkandla.

'n Verdere skandaal is die Trillian-skandaal, waarby Eskom, die nasionale kragvoorsiener betrek is.

- Die tender vir konsultasiedienste van R1,6 miljard wat Eskom in 2016 aan Trillian Management Consultancy betaal het, blyk direkte gevolg van Trillian se eienaar, Salim Essa, se nabye band met die Gupta-familie te gewees het. McKinsey & Company, 'n konsultasiemaatskappy, het al die werk gedoen, terwyl Trillian R600 miljoen ontvang het sonder om enige werk te lewer. Bianca Goodson (2017), 'n voormalige werknemer van Trillian, het hierdie inligting uitgelek. Daar word verneem dat hierdie tender slegs toegestaan is as gevolg van die Gupta-familie se band met oudpresident Zuma.

[24] Nie alle voorbeelde het in vonnisse uitgeloop nie, en baie sal dalk nooit op vonnisse of korrektiewe optrede uitloop nie, maar aanklagtes wat bo redelike twyfel waar kan wees, word ingesluit, telkens met die aanduiding dat regsprosesse steeds hangend is.

Zuma en sy familie ontken enige wanpraktyke. Michael Hulley, prokureur van oudpresident Zuma het wel in 2009 versoek dat die aanklagtes teen Zuma, hierdie keer in verband met die Thales-wapenskandaal, ter syde gestel word omdat korrupsie ŉ "Westerse konsep" is, en omdat dit ŉ misdaad sonder slagoffers is (Anon., 2014).

#### 4.1.2. Ace Magashule en korrupsie in die Vrystaat

Buiten vir oudpresident Jacob Zuma, is ŉ naam wat algemeen met korrupsie verbind word, dié van Ace Magashule, eertydse premier van die Vrystaat, en tans sekretaris-generaal van die ANC. Magashule se optrede is hoofsaaklik gedokumenteer deur ondersoekende joernalis Pieter-Louis Myburgh, in sy 2019-boek *Gangster state: Unravelling Ace Magashule's web of capture*. Terwyl hofsake teen Magashule se vermeende optrede tydens die skryf van hierdie artikel pas begin het en nog nie as bewys gebruik kan word nie, word daar veral van die werk van Myburgh gebruik gemaak om uit te brei op die fokus van die studie.

Myburg (2019:151,155,157) bespreek verskeie gevalle waar Magashule se vriende, familie, en vennote, kontrakte gekry het om formele behuising aan inwoners van informele nedersettings in die Vrystaat te voorsien. Veral Gregory Nthatisi, Nozuko Mbalula en Hlaudi Motsoeneng, word direk geïmpliseer.

Tankiso Morule, die vrou van die voormalige burgemeester van Bloemfontein, Playfair Morule, is die enigste direkteur van *People First Construction*. Hierdie maatskappy het tydens Magashule se bewind as premier van die Vrystaat ŉ kontrak van R140 miljoen losgeslaan, maar slegs 43% van die beloofde huise is gebou, aldus Myburgh (2019:158).

ŉ Verdere voorbeeld van Magashule se magsmisbruik ten koste van kwesbares, kom voor in die hantering van die Vogelfontein-behuisingsprojek buite Bethlehem. Myburg voer aan dat Thoko Malembe, 23-jarige dogter van Magashule, en ŉ Chinese vennoot, Jianliang Li, drie verskillende kontrakte losgeslaan het om ŉ totaal van 1 050 huise op te rig vir dié Vrystaat-behuisingskema. Hierdie kontrakte sou ŉ totaal van R150 miljoen in waarde beloop. *Unital holdings*, wat hierdie kontrakte ontvang het, het teen 2017 ŉ bedrag van R67,5 miljoen ontvang. Volgens regeringsrekords is 568 van die beplande 1 050 huise voltooi. ŉ Amptelike ondersoek deur die Demokratiese Alliansie (DA), die opposisie party in die Vrystaat, het egter aangetoon dat minder as 200 van hierdie 568 huise voltooi is, en dat almal sonder water, riolering, of elektrisiteit gelos is.

Die Estina-projek is ŉ projek waartydens die Vrystaatse provinsiale departement ŉ plaas naby Vrede aan die Estina-maatskappy oorgedra het; ŉ maatskappy wat fokus op swart bemagtiging.

R250 miljoen is geoormerk om 100 swart boere te bemagtig, en elk sou klaarblyklik vyf melkbeeste ontvang het. Dit het egter vinnig duidelik geword dat hierdie plaas ŉ front is, siende dat 99% van die fondse van Estina af na Indië gestuur is, deur middel van Standard Chartered-bankrekeninge. (Anon., 2017). Geen tender is gevolg nie, en die LUR vir landbou, Mosebenzi Zwane se tuisdorp, Vrede, is sonder prosedure gekies. Daar is sterk aanduidings dat hierdie plaas as ’n kanaal gebruik is om geld uit die land te kry. Boonop is R30 miljoen gebruik om ’n Gupta-familietroue by Sun City te befonds.

Magashule ontken tot op hede enige korrupsie, en hou meestal voor dat gerugte teen hom ’n heksejag met ŉ politieke agenda is, volgens ’n berig van 10 November 2020 deur Llwellyn Price onder die opskrif “*Dit voorspel moeilikheid, meen kenners oor Ace*”. Desnieteenstaande het die hofprosedure teen Magashule reeds begin, soos aangedui deur die artikel van Genevieve Quintal van *Businessday Live* op 13 November 2020, toe Magashule na arrestasie op borgtog vrygelaat is.

### 4.1.3. Oorhoofse sistemiese korrupsie in Suid-Afrika

ŉ Seminale artikel wat in 2018 deur die akademici Trevor Budhram en Nicolaas Geldenhuys (2018:26) geskryf is, maak die volgende kommerwekkende bevindings:

> Daar is min twyfel oor die wydverspreidheid van korrupsie in Suid-Afrika. Die effekte daarvan is veelvuldig, en kan uitloop in staatskaping, waar ’n regering se besluitneming beïnvloed word deur ’n korrupte polities verbinde elite, wat sal veroorsaak dat mag misbruik word om ’n simbiotiese selfverrykingsproses te behou. Hierdie korrupsie ondermyn demokrasie en die oppergesag van die reg. Dit lei tot menseregtevergrype, en verdraaiing van markkragte. (eie vertaling)

Budhram en Geldenhuys verwys na ŉ selfverrykende politieke elite as die agente wie se aksies tot menseregtevergrype lei. Hul werk dien as ŉ bevestiging van die aanklagtes wat oor Zuma en Magashule se lewens gemaak word. Die kenmerke van sosiale Darwinisme is ook in hierdie beskrywing, asook in die analises van Zuma en Magashule duidelik sigbaar. Die mag wat ’n politieke posisie gee, is as ’n reg beskou, siende dat daargestelde prosedure telkens omseil is. Daar is pertinente voorbeelde van waar keuses ten gunste van die politieke elite en ten koste van kwesbares gemaak is, en sentralisme as regeringsbeleid by besluitneming deurlopend bespeur kan word. Arrogansie van leiers, wat as kenmerk van sosiale Darwinisme aangetoon is, is ook duidelik wanneer die opsetlikheid en argeloosheid van hierdie korrupte optrede aanskou word.

#### 4.1.4. Die Covid-19-pandemie

Met die aanduidings van misbruik van mag vir selfverryking uit die tyd van die presidentskap van Jacob Zuma uitgewys, kan dit voorkom asof die probleem van ŉ korrupte politieke elite slegs tydens die ampstermyn van oudpresident Zuma was. Die 2020 Covid-19-pandemie het egter aangetoon dat hierdie korrupsie veel eerder sistemies is, as wat dit tot individue beperk kan word.

Die presidensie reik op 27 Julie 2020 ŉ verklaring uit wat stel dat Khusela Diko, woordvoerder van president Ramaphosa, afwesigheidsverlof neem, terwyl ŉ ondersoek haar en haar man by ŉ Covid-19-tender betrek. Piet Rampedi (2020) lewer verslag dat ŉ kontrak van bykans R125 miljoen aan Diko en haar man gegee is, ondanks die onwettigheid van amptenare wat kontrakte met die regering aangaan.

Lester Kiewit, ŉ ondersoekende joernalis by *Mail&Guardian*, voer op 27 Augustus 2020 aan dat 658 kontrakte vir die verskaffing van persoonlike beskermende toerusting (PPE) ondersoek word, met alle sfere van die regering wat geïmpliseer word.

Op 6 Oktober 2020 word bekendgemaak dat die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) altesaam 157 gevalle van bedrog ondersoek, waar werkgewers bedrog gepleeg het in die eis van hulp vir werkgewers wat hul inkomste as gevolg van Covid-19 verloor het (Davis, 2020). Die mees prominente saak was van die hoof van Mtiti Drop In Center, ŉ sentrum wat op tender van die regering werk.

## 5. Sosiale Darwinisme as verskynsel in optrede deur prominente Suid-Afrikaanse politici en gesaghebbers

Vroeër (pt. 3) is aangetoon dat sosiale Darwinisme wanneer dit as wêreldbeskouing by persone in posisies van mag voorkom, dikwels vergestalt sal word in die volgende:

- Mag as reg
- Sentralisme as regeringsbeleid
- Arrogansie in leierskap
- Soek van die eie belang (en dié van vriende en familie) ten koste van die belang van die kwesbare

Al hierdie kenmerke is in die enkele bogenoemde voor-die-hand-liggende en bekende voorbeelde sigbaar. Deur prosesse te misbruik, te omseil of te onderdruk wanneer dit hulle

gepas het, blyk dit dat prominente Suid-Afrikaanse leiers mag as ŉ reg beskou, soortgelyk aan Eli se seuns met hulle priesterlike mag. Sentralisme en ŉ vermeerdering van mag aan die sentrale struktuur, die heersende party se heersende binnekring, het verder duidelik na vore gekom in die wyse waarop die inperking vanweë die wêreldwye pandemie hanteer is.[25] Die meeste arrogansie word in die leierskap waarna verwys word gevind, juis in die wyse waarop mag as reg aangewend word. Die eie belang word dan ook telkens gesoek in terme van selfverryking ten koste van behoeftiges en ander kwesbares.[26]

**Gevolgtrekking by hierdie afdeling**

Dit sou onredelik en onregverdig wees om hierdie politici as bewustelik sosiaal-Darwinisties te beskou. Dit beteken egter nie dat hierdie wêreldbeskouing nie steeds die beste paradigma is om groepe te beskryf wat ŉ gedragspatroon beoefen in lyn met sosiale Darwinistiese oortuigings nie. Sosiale Darwinisme moet noodwendig afgelei word en oor iemand uitgespreek word, dan dikwels sonder hul eie goedkeuring, omdat dit allermins ŉ kompliment is (hfst. 2. pt. 8).

Die sigbare tendense toon aan dat heelparty politici in Suid-Afrika se selfsugtige misbruik van mag voldoen aan die vereistes van ŉ sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing, wat ook op hulself as individue, en op hul party as struktuur binne die breër samelewing toegepas word.

## 6. Christelike etiek en morele leierskap

Christelike etiek beskou die Bybel as Woord van God as gesagsbron vir die daarstelling van etiese maatstawwe (Geisler 2010:15), ook in leierskap. Die Christelike leier word nie vrygespreek van die verwagtings wat God het nie. Dit word inteendeel duidelik gestel dat die oordeel oor leiers strenger sal wees (vgl. Jak. 3:1).

In die Christelike tradisie is leiers nie bo wette verhewe nie. Inteendeel die leier, en enige mens, is 'n verantwoordelike skepsel (Stoker, 2015:11), wat eendag rekenskap sal moet gee vir sy of haar optrede.

Dit staan direk teenoor die gedagte van mag as reg, asook die arrogansie en hoogmoed wat uit sondige selfsugtigheid spruit en met ŉ sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing geassosieer kan

---

[25] Die irrasionele verbod op tabakprodukte is kenmerk hiervan (Naik, 2020).

[26] Dr. Angelique Coetzee, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (SAMA) stel dit dat dokters en pasiënte die slagoffers van korrupsie is in die verkryging van beskermende mediese toerusting (PPE), aldus Shange (2020).

word. Die gedagte van die naturalisme, dat die mens maar net ’n produk van ’n magstryd is, en dus geen toerekeningsvatbaarheid het nie, staan “lynreg teenoor” die Bybel (Stoker, 2015:11).

Vervolgens word spesifiek gefokus op Bybelse opdragte wat toepaslik is op leiers, veral korrupte, hoogmoedige, of selfdienende leiers.

### 6.1. Gehoorsaamheid aan God se bevele

God se verwagting van heersers kan analiseer word aan die hand van Saul, die eerste koning van Israel, se sonde en straf. Samuel, die profeet van God, vermaan Saul en noem ongehoorsaamheid aan God se bevele (1 Sam. 15:19) ’n rede vir God om die leier te verwerp (1 Sam.15:23). Eiesinnigheid, dus om die eie wil eerder as die wil van God te volg, word afgodery in hierdie Skrifgedeelte genoem. God verwag dus gehoorsaamheid aan Hom. Hulle wat in God glo word pertinent vermaan om te “wandel in die Gees” (vgl. Gal. 5:16), en om die wet van die Here dag en nag te oordink (Ps. 1:2). Daar staan dus ’n sentrale verwagting van alle mense, ook leiers, om hulself onderhewig te stel aan die wil van God – dan nie uit eie krag nie, maar onder leiding van die Heilige Gees van God (Rom. 8:2) wat die mens vrymaak van die sonde en selfsug wat oor hom wil heers (Rom. 7:19).

### 6.2. Nederigheid en diensbaarheid

Tesame met gehoorsaamheid aan sy Wet, vereis God van leiers nederigheid, en diensbaarheid. Leiers moet juis nie soos “groot manne” heers en gesag misbruik nie (vgl. Mark. 10:42), maar moet eerder dien as om gedien te word (Mark. 10:45). Jesus Christus, wat die Openbaring van God se Woord op aarde is (Joh.1:14-18), het homself juis verneder en die “gestalte van ’n dienskneg” aangeneem (Fil. 2:7), al is Hy die “Owerste oor die konings van die aarde” (Openb. 1:5). Hierdie dienende leierskap staan in skrille kontras teenoor leiers wat hulself eerste stel, en as die “sterkere” hul eie behoeftes, eie belange, en eie wins bo die mense stel wie hulle veronderstel is om te dien. Die toonbeeld van nederigheid en diensbaarheid in die werk van Jesus Christus is duidelik afgebeeld wanneer Hy Homself in lyn met die etos van die dag en tyd verneder, en die werk van ’n slaaf doen deur die voete van sy dissipels te was (Joh. 13:5).

### 6.3. Geregtigheid en die afwesigheid van korrupsie en selfsug

Godvrugtige leierskap gaan noodwendig saam met geregtigheid (vgl. Jes. 32:1), wat uiteraard die afwesigheid van korrupsie, oneerlikheid, en onregverdige wins moet beteken (Spr. 15:27). Selfsugtigheid, waar die eie belang gesoek word, word in God se Woord as die bron van wanorde en gemene dade beskryf (Jak. 3:16). Hier word selfverryking ten koste van hulpbehoewendes direk aangespreek as kontra God se wil vir die mens – soos ook duidelik blyk uit die verhaal van Eli se twee seuns wat hulle priesterlike posisie selfgerig misbruik het (1 Sam 2).

### 6.4. Verhewe bo die reg

Min gedeeltes van die Bybel stel dit so duidelik soos 2 Samuel 12 dat konings nie bo die wet van God verhewe is nie. Nadat koning Dawid owerspel en moord pleeg, word die profeet Natan gestuur om aan Dawid te vertel dat hy die woord van die Here verag het, en dat daar vir hom ’n groot straf ingehou word, naamlik dat die “swaard vir ewig van [sy] huis nie sal wyk nie” (vgl. 2 Sam 12:10). Mag is nie gelyk aan reg in die oë van God nie.

## 7. Vergelyking van optrede van prominente Suid-Afrikaanse politici en God se verwagting van ampsdraers en gesaghebbers

### 7.1. Korrupsie teenoor wetsgehoorsaamheid en eerlikheid

Korrupsie behels sedeloosheid, oneerlikheid en spesifiek omkoopbaarheid (Odendaal 1995:575). Talle publikasies, veral die boeke van Jacques Pauw en Pieter-Louis Myburgh (pt. 4), wat fokus op die handelinge van oudpresident Zuma en die Gupta-familie, het sterk betrekking tot omkoopbaarheid en onregmatige wins. Die Woord van God stel duidelik dat sulke magsmisbruik ter wille van selfbevoordeling by leiers onaanvaarbaar is (pt. 6.3).

### 7.2. Mag as reg

Die minagting van die reg en gedurige onderdrukking van daargestelde tenderprosesse, keuringsprosesse, of toekenningsprosesse klaarblyklik ook deur Khusela Diko, Ace Magashule en oudpresident Jacob Zuma (pt.4), maak dit duidelik dat posisies van mag as ’n reg beskou is.

Die Woord van God maak dit duidelik dat geen leier, nie eens ʼn koning bo die reg gestel is nie (pt.6.4). Hier is dus weereens teen God se wil gehandel deur maghebbers.

### 7.3. Eie belang bo die belang van jou naaste

Hier is twee kwessies ter sprake. Ten eerste is selfverryking ter sprake, waar hulpbronne wat vir ander bedoel is aan hulleself toegeëien is; ʼn handeling wat in heelparty gevalle van korrupsie deur regeringsamptenare gewaar is. Hierdie selfverryking is in lyn met sosiale Darwinisme en dien die eie belang en nie die naaste nie, en is dus in oortreding met God se Woord. Tweedens, en dalk meer pertinent, word die kwesbare in sy nood verlaat en sy nood word in wese vergroot. Geld wat byvoorbeeld vir die Estina-melkery en vir die Vrystaat-behuisingskema bewillig is, sou mense wat in ernstige nood verkeer – armes en behoeftiges – bystaan in hulle nood. Hier is egter ʼn bewustelike keuse gemaak om persone in die onderste ekonomiese klas aan hul omstandighede oor te lewer, terwyl daar middele geoormerk was om hierdie persone te help. Die politieke elite (pt. 4.3) kies om hul eie voortbestaan te verseker en al luukser te lewe, terwyl die voortbestaan van ekonomies laer klasse as gevolg van hierdie besluit bedreig word. Die werke van Jesus Christus leer dat die Christelike leier nooit eie belang soek nie, en nooit die kwesbare in die steek laat indien daar gehelp kan word nie.

## 8. Remediërende voorstelle

Die Christelike etiek as vakgebied het nie net te make met die beoordeling van die status quo nie, maar het ook te make met ʼn regstelling van die status quo. Die wil van God is dat sy Woord verkondig moet word (vlg. Mat 28:19), en dat daardie mense onder leiding van die Heilige Gees tot inkeer en bekering moet kom, en moet wegdraai van hul sondige aard en sondige natuur (Rom. 6:12). Die Christelike etiek kan dus nooit stop by die uitwys van die sonde en die oorsprong van die sondige optrede nie. Dit moet altyd die regte optrede uitwys. Vervolgens word Christelik-etiese remedies voorgestel.

### 8.1. Wetstoepassing

God is nie ʼn God van wanorde nie, maar ʼn God van wet en orde (vgl. Eks. 20:1). Hulle wat korrup is, wat steel van hul naaste en wat armes se lot vererger moet die regverdige straf daarvoor ontvang. Die burgerlike owerheid is immers gegee ter wille van die “verdorwenheid

van die menslike geslag se konings" (Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 36). Die burgerlike owerheid "dra die swaard nie verniet nie (Rom. 13:4)" – dit is die plig van die regering om die kwaaddoener te straf. So sal mag as reg ook ondermyn word, omdat selfs maghebbers aan die wet ondergeskik is en bly.

### 8.2. Nederigheid in leierskap

Daar is aangedui dat Christus in sy leierskap nederig was; dat Hy sy dissipels se voete gewas het; dat Hy gekom het om te dien, nie om gedien te word nie. Leiers behoort hul amp en die persone aan wie hulle verantwoordelik is, eerste, bo hulleself en hul eie belang, te stel. In die aangesig van sodanige nederigheid kan geen sosiale Darwinisme oorleef nie, juis omdat dit afhanklik is van hoogmoed en ŉ soeke na eie gewin.

## 9. Gevolgtrekking

Hierdie artikel het getoon hoe sosiale Darwinisme in praktyk vergestalt word, dus hoe sodanige wêreldbeskouing in praktyk sal lyk wanneer politici kenmerke daarvan vertoon. Verder het hierdie artikel kritiek oor so ŉ wêreldbeskouing uitgespreek, veral met verwysing na spesifieke optrede wat sosiale Darwinisme ten toon stel onder huidige gesaghebbers en prominente politici in Suid-Afrika. Dit word gestel en gemotiveer dat die tipiese tekens van sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing by sommige (prominente) politici sigbaar is. Hierdie politici se optrede maak dit duidelik dat hulle mag as ŉ reg beskou, dat hulle die oorlewing van die elite waarvan hulle deel vorm prioritiseer bo die oorlewing van die kwesbares, én dat hulle hulself as die mees geskiktes beskou om te oorleef – lyne wat direk na sosiale Darwinisme getrek kán en móét word. Hulle optrede mis die doel en bedoeling van waarom hulle in magsposisies staan, direk. Omdat alle mag van God kom, ontneem hulle hulself die reg om maghebbers te wees.

## AFDELING E: SAMEVATTING

Dat die Republiek van Suid-Afrika onder korrupsie gebuk gaan, is vir min van sy inwoners ’n nuwe onthulling. Grootskaalse bedrog, veral deur staatsamptenare, het in Suid-Afrika gewoon geword. Baie vrae word gevra, en baie navorsing word gedoen oor die omvang en aard van hierdie bedrog, asook oor die partye betrokke by dié bedrog. Min navorsing is egter beskikbaar oor die oorsprong van hierdie bedrog, en die beweegrede agter korrupsie by staatsamptenare, politici en persone in besit van publieke gesag. Een rede vir weinig navorsing oor die redes vir bedrog, is moontlik die aanname dat dit maar net misdaad is; dat dit maar net gewone gulsigheid of immoraliteit is. Hierdie studie het egter ’n kontrasterende posisie ingeneem, naamlik dat immoraliteit deur persone in posisies van gesag in Suid-Afrika dikwels so ooglopend ’n politieke elite bevoordeel, terwyl dit ’n maatskaplik agtergeblewe klas benadeel, dat hoogmoed en keuse ’n rol moet speel by die analise van hierdie immoraliteit; juis ook die korrupsie wat gepleeg word. Die hoogmoed wat waargeneem word, is egter ’n radikale hoogmoed; ’n tipe hoogmoed so sterk dat dit hulpbronne wat aan haweloses huise moes gee, plunder om die agent van hierdie hoogmoed te verryk. Hierdie radikale hoogmoed, wat ’n meer welaf klas deurlopend bevoordeel ten gunste van ’n meer hulpbehoewende klas, is in hierdie studie getoets as ’n moderne deurslag van sosiale Darwinisme.

Sosiale Darwinisme, soos aangetoon in hierdie studie, is die toepassing van die Britse wetenskaplike Charles Darwin se teorie oor natuurlike seleksie en die oorlewing van die mees geskikte organisme of groep, en die gelyktydige sterfte van die minder geskikte organisme of groep, op die mensdom. Hierdie studie het ten eerste aangetoon dat sosiale Darwinisme steeds as paradigma gebruik kan word om ’n bepaalde wêreldbeskouing uit te druk wat aan sekere kenmerke voldoen. Daar is heelparty akademici, vernaamlik Bannister, maar ook ander, wat meen dat sosiale Darwinisme nie meer as wetenskaplike term aangewend kan word nie, omdat die grondslae daarvan verkeerd bewys is. Hierdie argument is teëgegaan op twee punte: Ten eerste is aangevoer dat hierdie term steeds algemeen gebruik word, en ten tweede is uitgewys dat sosiale Darwinisme ’n stel oortuigings omskryf wat moeilik op ’n ander manier uitgedruk kan word. Die eerste artikel van hierdie studie het hoofsaaklik die spoor van sosiale Darwinisme nagespeur, en die etiese uitvloeisels aangetoon en beoordeel aan die hand van die Christelike dogmatiek en etiek. Die bevindings van die eerste artikel is van groot belang in die 21ste eeu, omdat ongelyke behandeling, veral op grond van ras en sosiale posisie, weer op die voorgrond gedryf word. Om ’n persoon van rassisme of wreedheid te beskuldig mag dalk ’n vlak diagnose wees, wat tot ondeurdagte remedies kan lei, indien die persoon eintlik ’n sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing aanhang, en oortuig is van sommige groepe se inherente oorheersing, of

verdoemenis tot dienaarskap. Die Christelik-etiese tradisie moet dus kennis neem van hierdie wêreldbeskouing en die diepte van sy wortels, wat al die pad tot by die antieke filosofie loop.

Die doel van hierdie studie was ’n Christelik-etiese beoordeling van die immorele optrede van bepaalde Suid-Afrikaanse politici en gesaghebbers. Om aan te toon dat sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing moontlik ’n bydraende faktor tot hierdie immoraliteit kan wees, was dus in werklikheid net die daarstelling van ’n maatstaf. Die tweede artikel in hierdie studie het na tasbare voorbeelde gaan kyk waar Suid-Afrikaanse politici geïmpliseer is, of van korrupsie beskuldig word, maar dan spesifiek korrupsie ten koste van persone of gemeenskappe wat van hulle leierskap afhanklik was vir hulp en ondersteuning. Die spanning is geskep tussen die etiese uitvloeisels van ’n sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing en die verwagting wat die Here van leiers het. Hierdie spanning is aangetoon, die immorele optrede is beoordeel aan die hand van daargestelde Christelik-etiese beginsels, en uiteindelik is remedies voorgestel.

Gelowiges in die Republiek van Suid-Afrika behoort bekommerd te wees oor korrupsie in Suid-Afrika, deels as gevolg van die massiewe omvang daarvan, en die feit dat dit skynbaar na verskeie afdelings van die regering uitgekring het, maar nie net as gevolg van die omvang nie, ook as gevolg van die bron. Hierdie studie se aanduiding dat lede van die politieke elite in Suid-Afrika homself as inherent verhewe beskou, en inherent geregtig op openbare fondse, ten koste van die beste belange van persone wat vir hulle gestem het, behoort gevaarligte vir liefhebbers van orde te laat flits. Die Here se verwagting van Christene om dit wat aan hulle toevertrou is oordeelkundig aan te wend en eerlik te wees, word openlik deur sodanige leierskap ondermyn. Die verdediging van heelparty dat korrupsie tydelik en beperk was tot die ampstermyn van ’n bepaalde leier of leierskorps, blyk ook vals te wees siende dat die regerende party in Suid-Afrika ’n omwenteling van personeel ondergaan het, maar hulself steeds op grootskaal aan bedrog skuldig maak.

Ten slotte kan dit gemeld word dat hierdie studie aandui dat sosiale Darwinisme as wêreldbeskouing ’n bydraende faktor by immorele leierskap in Suid-Afrika speel, juis omdat die optrede van immorele leiers in Suid-Afrika voldoen aan kenmerke van ’n sosiale Darwinistiese denkwyse, naamlik die idee dat mag wat aan ’n persoon verleen word as ’n tipe oppergesag en as ’n tipe reg beskou kan word, asook die bewuste keuses om hulpbronne na die bevoordeeldes en weg van die benadeeldes te verdeel. Die historiese wortels van sosiale Darwinisme toon aan dat heelparty vroeë sekulêre denkers, insluitend denkers soos Karl Marx en Friedrich Engels, pioniers van die huidige politieke leierskorps in Suid-Afrika se denkwyse, hoë agting vir die denke van Charles Darwin gehad het, wat die punt nog sterker benadruk dat ’n naturalistiese selfbeskouing, veral binne die paradigma van sosiale Darwinisme en oorlewing

van die mees geskikte, ’n bydraende faktor tot immorele leierskap kan wees. Dit is die plig van die Christen om spanning tussen God se wil en die optrede van die mens uit te wys en bloot te lê, en dít is wat hierdie studie ook wil doen.

Die Christen se motivering vir die blootlegging van die wortels van die wat verkeerd en boos is, vind hy op baie plekke in die Skrif, veral 1 Johannes 1:5, wat stel:

**“God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.”**

# BIBLIOGRAFIE


Aeschliman. 2016. National Review: Trumpery and Social Darwinism. https://www.nationalreview.com/2016/08/donald-trump-social-darwinism-21st-century-incarnation-old-malady/

Ali, S. 2013. Is Social Darwinism still alive? Daily Times, 3 November. https://dailytimes.com.pk/107061/is-social-darwinism-still-alive/

Anon. 2014. *Zuma wanted charges dropped because corruption is a Western thing.* https://www.news24.com/News24/Zuma-wanted-charges-dropped-because-corruption-is-a-Western-thing-20141012 Toegang verkry op 19 September 2020

Anon. 2017. *Guptaleaks – The Dubai Laundromat.* https://www.news24.com/news24/SouthAfrica/News/guptaleaks-the-dubai-laundromat-how-millions-milked-from-free-state-government-paid-for-sun-city-wedding-20170629 - Toegang verkry op 20 September 2020

Bagehot, W. 1867. *Physics and Politics*. No. I. The Pre-Economic Age. Hathi Trust. *Fortnightly Review.*

https://babel.hathitrust.org/cgi/pt?id=njp.32101019642824&view=2up&seq=528&size=150 Toegang verkry op 20 Augustus 2020.

Bannister, R. 1979. *Social Darwinism: Science and Myth in Anglo-American Thought.* Philadelphia: Temple University Press.

Bartz, C. 2009. Leadership in the Information Age. *The Economist*. 13 November. https://www.economist.com/news/2009/11/13/leadership-in-the-information-age

Bavinck, H. 2011. *Reformed Dogmatics: Abridged in One Volume*. Grand Rapids: Baker Akademic Books.

Boone, B. 2017. Ethics 101: *From Altruism and Utilitarianism to Bioethics and Political Ethics, an Exploration of the Concepts of Right and Wrong.* New York: Simon and Schuster.

Brammer, S. 2006. Religion and Attitudes to Corporate Social Responsibility in a Large Cross-Country Sample.Centre for Business Organisations and Society, School of Management, University of Bath.

Budhram, T. & Geldenhuys N. 2018. South African Journal of Criminal Justice - Corruption in South Africa : the demise of a nation? New and improved strategies to combat corruption. *South African Journal of Criminal Justice*, Volume 31 No. 1, 2018, p. 26-57

Bybel. 1953. *Die Bybel*: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1983. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Calvyn, J. 2008. *Kommentaar: Romeine.* (In Afrikaans vertaal deur Professor Stefanus Postma). Bloemfontein: Handisa Media.

Clayes, G. 2000. The "Survival of the Fittest" and the Origins of Social Darwinism (In *Journal of the History of Ideas*, Vol. 61, No. 2 (Apr., 2000)). Philadelphia: University of Pennsylvania Press p. 223-240

Colson, C. 2006. Tough Questions about God, Faith, and Life. Tyndale House: Illinois. 33-53 p.

Coyne, J.A. 2009. *Why Evolution is True*. Oxford: Oxford University Press.

Darwin C. R. 1838/1839. *Notebook N: (Metaphysics and expression).* Getranskribeer deur Kees Rookmaaker, geredigeer deur Paul Barrett. http://darwin-online.org.uk/ Toegang verkry op 20 Augustus 2020.

Darwin, C.R. 1857. Darwin Correspondence Project, *"Letter no. 2 192,"* https://www.darwinproject.ac.uk/letter/DCP-LETT-2192.xml Toegang verkry op 24 November 2020

Darwin, C.R. 1874. *The Descent of Man*. Londen: John Murray

Davies, B. 2014. *Thomas Aquinas's Summa Theologiae A Guide and Commentary.* Oxford: Oxford University Press.

Davis, G. 2020. *UIF Dealing with 157 Fraud Cases relating to Covid-19 Relief Funds.* https://ewn.co.za/2020/10/06/uif-dealing-with-157-fraud-cases-relating-to-covid-19-relief-funds Toegang verkry op 10 November 2020.

Dawkins, R. 2016. *Onderhoud met The Hudson Union.* Skakel: https://www.youtube.com/watch?v=AzzB_cRw3AA

De Bres, G. 1561. Nederlandse geloofsbelydenis. (*In* Psalmboek. 2001. *Die Psalmboek:* Dit is ŉ versameling van die Psalms, Skrifberymings en Geloofsbelydenisse. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.)

De Bruyn, P.J. 2013. *Die Tien Gebooie*. Potchefstroom:PTP. p. 2, 163, 164.

Duvenage, B. 1968. Intreerede gelewer by die aanvaarding van 'n professoraat in Etiek en Logika aan die P.U. vir C.H.O., op 8 Maart.

Ferry, J.F.C. 1884. Speech Before the French Chamber of Deputies, March 28, 1884," *Discours et Opinions de Jules Ferry,* ed. Paul Robiquet

Friedman, S. 2020. *Why South Africa's president stands on solid ground in the fight against corruption,* in: *The Conversation* *https://theconversation.com/why-south-africas-president-stands-on-solid-ground-in-the-fight-against-corruption-150305*, toegang verkry op 19 November 2020.

Galton, F. 1883. *Inquiries into human faculty and its development*. Londen: Macmillan.

Geisler, G.H. 2010. Christian Ethics, Contemporary Issues & Options. Baker Academic: Grand Rapids. 155 p.

Goodson, B. 2017. *Ex-Trillian CEO Essa Opened Taps*, in *Biznews.com*. https://www.biznews.com/undictated/2017/09/28/ex-trillian-ceo-essa-opened-taps-mckinsey Toegang verkry op 10 September 2020.

Haas, G.H. 2004. *Calvin's Ethics* (In: McKim, D.K. 2004. Cambridge Companion to John Calvin). Cambridge: Cambridge University Press. p. 93 – 106

Hawkins, M. 2003. *Social Darwinism in European and American thought, 1860-1945*. Cambridge: Cambridge University Press

Heywood, A. 2013. *Politics*. Vierde Uitgawe. Londen: Palgrave Macmillan. p. 5

Hofstadter, R. 1941. William Graham Sumner, Social Darwinist. *The New England Quarterly* Vol.14. No. 3 (Sep., 1941), 457-477 p.

Hofstadter, R. 1955. Social Darwinism in American Thought. The Beacon Press: Boston

Holyoake, G. J. 1896. *English Secularism: A Confession of Belief*. Library of Alexandria.

Kant, I. 1996. Kritik der Urteilskraft (In: *Suhrkamp Taschenbuch Wissenschaft,* Vol. 9-10)

Kiewit, L. 2020. MP's demand answers from Ramaphosa on Covid corruption. In: *Mail&Guardian*. https://mg.co.za/politics/2020-08-27-mps-demand-answers-from-ramaphosa-on-covid-corruption/ Toegang verkry op 10 September 2020.

King, M.E. et al. 2016. King IV: Report on Corporate Governance for South Africa. Institute of Directors South Africa.

Kropotkin, P. 1912. *Modern Science and Anarchism.* Londen: Freedom Press.

Kuiper, B.K. 1964. *The Church in History*. Grand Rapids.

Langer, W. L. 1948. An Encyclopedia of World History. Boston: Houghton Mifflin. p. 48.

Lennox, J.C. 2009. *God's undertaker. Has science buried God?* Oxford: Lion

Liddle, H.G. & Scott, R. 1972. *An Intermediate Greek-English Lexicon* (Sewende Uitgawe). Oxford: Oxford University Press

Lightman, B. 2002. Huxley and Scientific Agnosticism: The Strange History of a Failed Rhetorical Strategy. *The British Journal for the History of Science,* Vol. 35, No. 3

Locke, J. 1690. *An Essay concerning human understanding.* Boek II Hoofstuk I.

Malthus, T. 1998. *An Essay on the Principle of Population* (Op Electronic Scholarly Project http://www.esp.org/books/malthus/population/malthus.pdf)

McLean, I. 2009. The Concise Oxford Dictionary of Politics. Oxford University: Oxford University Press. p. 490

Mogilski, J. K.  2016.  *Social Darwinism*. https://www.researchgate.net/publication/309548997_Social_Darwinism Toegang verkry op 24 September 2020

Mondal, P. 2013. *The Contribution Of “Auguste Comte” To Sociology.* http://www.yourarticlelibrary.com/sociology/the-contribution-of-auguste-comte-to-sociology/6246/  Toegang verkry op 23 September 2020.

Myburgh, P.L. 2019. *Gangster State: Unravelling Ace Magashule’s Web of Capture.*  Kaapstad: Penguin Randomhouse Uitgewers.

Naik, S. 2020. *Fita confident they have convinced the court that the tobacco ban is unlawful and irrational.* Eye Witness News, 20 Junie 2020. https://www.iol.co.za/saturday-star/news/fita-confident-they-have-convinced-the-court-that-the-tobacco-ban-is-unlawful-and-irrational-49653227 Toegang verkry op 10 September 2020

Naugle, D. 2011. Worldview: Definitions, History, and Importance of a Concept. Dallas Baptist University, Dallas.

O’Brien, P. 2016. *The Muslim Question in Europe: Political Controversies and Public Philosophies.* Philadelphia: Temple University Press

Odendal, F.F. 1995. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.

Offer, J.  2010. *Herbert Spencer and Social Theory.* Londen: Palgrave Macmillan.

Palmer, G. 1996. Toward A Theory of Cultural Linguistics. University of Texas Press.

Paquette, G. B. 2007. "Social Darwinism." *Encyclopedia of Western Colonialism since 1450*. Geredigeer deur Thomas Benjamin, vol. 3.  Macmillan Reference USA.

Pauw, J. 2017. *The President's Keepers: Those keeping Zuma in Power and Out of Prison.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Presidensie. 2020. *Presidency Spokesperson Khusela Diko Taking a Leave of Absence.* https://www.gov.za/speeches/presidency-spokesperson-khusela-diko-taking-leave-absence-27-jul-2020-0000 Toegang verkry op 20 September 2020

Price, L. 2020. *Dit voorspel moeilikheid, meen kenners oor Ace.* https://www.netwerk24.com/Nuus/Politiek/dit-voorspel-moeilikheid-meen-kenners-oor-ace-20201110 Toegang verkry op 14 November 2020.

Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington: N.G. Kerk-uitgewers. bl. 3-32.

Quintal, G. 2020. *Ace Magashule Out on R200 000,00 Bail and Gets Support From some ANC members.* https://www.businesslive.co.za/bd/national/ace-magashule-out-on-r200000-bail-and-gets-support-from-some-anc-members/ toegang verkry op 14 November 2020.

Rabens, V., 2017, 'The Bible and ethics: Pathways for dialogue', *In die Skriflig* 51(3), a2138. https://doi. org/10.4102/ids.v51i3.2246

Ramaphosa, M.C. 2020. In: *Eye Wittness News*. https://ewn.co.za/2020/08/23/read-the-full-letter-ramaphosa-sent-to-the-anc-on-corruption Toegang verkry op 10 September 2020.

Rampedi, P.M. 2020. Husband of presidency spokesperson's R125m PPE tender bonanza. In: *Sunday Independent.* https://www.iol.co.za/sundayindependent/news/husband-of-presidency-spokespersons-r125m-ppe-tender-bonanza-51174649 Toegang verkry op 10 November 2020

Redbeard, R. 1896. *Might is Right or Survival of the Fittest.* Chicago: Cornell University.

Rosen, D. 2011. The Return to Social Darwinism. https://www.counterpunch.org/2011/01/28/the-return-to-social-darwinism/

Scruton, R. 2007. *Palgrave MacMillan Dictionary of Political Thought.* Third Edition. Londen: Palgrave-MacMillan.

Shange, N. 2020. *Medical workers biggest losers in PPE corruption: Sama.* Sowetan, 30 September 2020. https://www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2020-07-30-medical-workers-biggest-losers-in-ppe-corruption-sama/ Toegang verkry op 10 Oktober 2020.

Spencer, H. 1864. *The Principles of Biology.* E-boek verkry op: https://books.google.co.za/books?id=SRkRAAAAYAAJ&pg=PP9&source=gbs_selected_pages&cad=3#v=onepage&q&f=false Toegang verkry op 20 Augustus 2020.

Spencer, H. 1978. *The Principles of Ethics.* Vol.I. Indianapolis: Liberty Fund.

Stoker, H.G. (snr). 1970. Die Aard en die Rol van die Reg – 'n Wysgerige besinning. Rede uitgespreek by die aanvaardinging van 'n Ere-professoraat in Wysbegeerte aan die Randse Afrikaanse Universiteit op Donderdag 30 Julie 1970.

Stoker, H.G. (snr). 2000. Oor Mag en Gesag. *In die Skriflig/In Luce Verbi* | Vol 34, No 1. https://indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/view/590/472 Toegang verkry op 20 November 2020.

Stoker, H.G. 2015. Mag en magsmisbruik. *Woord en Daad*. Volume 54, Uitgawe 428, Jan 2015, p. 10 - 13 https://journals.co.za/content/woord/54/428/EJC180357. Toegang verkry op 10 November 2020

Stoker, H.G. 2021 Ongepubliseerd. *My God-given conscience. In: Morality wars.* Lexington Books

Suid-Afrika. 1996. Die Grondwet van Suid-Afrika, Skedule 2

Sumner, W.G. 1882. *The Challenge of Facts.* New Haven: Yale University Press.

Sumner, W.G. 1883. *What Social Classes Owe to Each Other.* New York: Harper and Bros.

Thomas, C.L. 2005. Mistaking Eugenics for Social Darwinism: Why Eugenics Is Missing from the History of American Economics. History of Political Economy - HIST POLIT ECON. 37. 200-233. 10.1215/00182702-37-Suppl_1-200.

Tripathi, G., 2014. *Social Work : Auguste Comte'S "Law Of The Three Stages".* [online] Socialworkbhu.blogspot.ca. http://socialworkbhu.blogspot.ca/2014/05/auguste-comtes-law-of-three-stages.html Toegang verkry op 23 September 2020.

Ursinus, Z. & Olevianus, C. 1563. Die Heidelbergse kategismus. (In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. *Psalmboek*: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington : N.G. Kerk-uitgewers. bl. 33-72.).

Van Niekerk, L. 2012. *Pocket Guide to South Africa.* https://www.gcis.gov.za/content/resourcecentre/sa-info/pocket-guide-south-africa-20112012 Toegang verkry op 10 September 2020. p. 12.

Vermeulen, B. 2019. *EXCLUSIVE INTERVIEW Jacob Zuma, former president of South Africa.* Nieuwsuur https://www.youtube.com/watch?v=WUMztyHVkw8 Toegang verkry op 20 September 2020.

Von Mises, L. 1981. *Socialism: An Economic and Sociological Analysis* (Eerste verskyning, 1932). Vertaal deur J. Kahane. Indianapolis: Liberty Fund.

Waterfield, R. 2008. *The Republic of Plato.* Oxford World's Classics. New York: Oxford University Press.

Wells, S. et al. 2017. *Introducing Christian Ethics.* Oxford: John Wiley & Sons Ltd.

West, J. G. 2015. Darwin Day in America: *How Politics and Culture have been dehumanised in the name of science*. Delaware: Intercollegiate Studies Institute

Wilson, W. 1913. *The new freedom. A call for the emancipation of the generous energies of a people.* New York: Doubleday, Page & Company.